

TomTom Naslaangids

Inhoud

Welkom by navigasie met TomTom	8
Wat is in die boks?	9
Wat is in die boks?.....	9
Lees my eers	10
Posisionering van die toestel.....	10
Installeer in jou motor	10
Skakel aan en af.....	11
Opstelling	11
GPS-ontvangs.....	11
Mikro-SD-kaartgleuf	11
Meer oor MyDrive	11
Opstel van MyDrive.....	12
Veiligheid-instellings	12
Toestel begin nie	13
Laai jou toestel.....	13
Deel inligting met TomTom	13
Veiligheidskennisgewing	14
Pas jou navigasietoestel op	14
Kry hulp met die gebruik van jou navigasietoestel.....	14
Beplan 'n roete	15
Beplan 'n roete	15
Roete-opsomming.....	17
LIVE-opsomming	18
Alternatiewe roetes	19
Kies 'n roetetipe	19
Gereelde bestemmings.....	20
Wys my gereelde bestemmings	21
Gebruik aankomstye	21
Navigasiekieslysopsies.....	22
Beplan 'n roete vooruit	23
Bekyk roete-inligting.....	24
Stembeheer	26
Stembeheer - Navigeer na	27
Meer oor stembeheer	27
Gebruik stembeheer.....	27
Beplan 'n reis deur jou stem te gebruik.....	28
Stembeheer - Ry na.....	30
Meer oor stembeheer	30

Gebruik stembeheer	30
Beplan 'n reis deur jou stem te gebruik	31
Voer adresse in deur jou stem te gebruik	33
Die Ritaansig	34
Meer oor die ritaansig	34
Die Ritaansig	34
Ritaansigsimbole	35
Meer oor herbeplanning van instellings	35
Gevorderde baanleiding	37
Meer oor baanleiding	37
Gebruik baanleiding	37
Verander jou roete	39
Maak veranderings aan jou roete	39
Verander-roete-kieslys	39
Meer oor punte	40
Voeg die eerste punt by jou roete	41
Voeg verdere punte by jou roete	41
Verander die volgorde van punte	41
Skrap 'n punt	42
Verander kennisgewinginstellings vir 'n punt	42
Heraktiveer 'n punt	42
Bekyk kaart	44
Meer oor bekyk van 'n kaart	44
Bekyk kaart	44
Opsies	45
Porkieslys	46
Kaartkorrigerings	48
Meer oor Map Share	48
Korrigeer 'n kaartfout	48
Tipes kaartkorrigerings	48
Klanke en stemme	52
Meer oor klanke en stemme	52
Meer oor rekenaarstemme	52
Kies 'n stem	52
Verander die volumevlak	52
Outomatiese volumebeheer	53

Instellings **54**

Meer oor instellings.....	54
2D/3D-instellings	54
Gevorderde instellings	54
Battery-besparing	55
Helderheid	55
Motorsimbool	55
Horlosie	55
Verbindings.....	56
Aktiveer / deaktiveer Bluetooth	56
Aktiveer / deaktiveer vlugmodus	56
Gunsteling.....	56
GPS-status	57
Huisligging	57
Sleutelbord	57
Taal.....	57
Maak jou eie kieslys.....	58
Beheer PVB's.....	58
Kaartkleure	58
Kaartkorrigerings	58
Ek en my toestel	59
MyTomTom-rekening	59
Netwerk.....	59
Hanteer linkshandig / Hanteer regshandig.....	59
Fone	59
Herlaai fabriek-instellings	60
Roetebeplanning	60
Veiligheid-instellings	61
Wys PVB op kaart	61
Luidspreker	61
Begin	61
Statusbalk	61
Wissel kaart.....	62
Skakel stemleiding af / Skakel stemleiding aan	62
Eenhede	62
Gebruik nagkleure / Gebruik dagkleure	62
Voertuig en roetes	63
Stemme.....	63
Stembeheer	64
Volume.....	64

Plekke van belang **65**

Meer oor Plekke van belang	65
Skep PVB's.....	65
Gebruik PVB's om 'n roete te beplan	67
Wys PVB's op die kaart.....	68
Skakel 'n PVB	68
Stel waarskuwings vir PVB's	68
Beheer PVB's.....	69

Hulp	70
Meer oor hulpverkryging	70
Gebruik hulp om 'n plaaslike diens te bel.....	70
Hulpkieslysopsies	70
Handvry-bellery	72
Meer oor handvry-oproepe	72
Koppel jou foon	72
Maak 'n oproep	72
Ontvang 'n oproep.....	73
Outo-antwoord	73
Verbind meer fone met jou toestel.....	73
Selffoonkieslys.....	73
Gunsteling	75
Meer oor gunsteling	75
Skep 'n gunsteling	75
Gebruik 'n gunsteling.....	77
Verander die naam van 'n gunsteling.....	77
Skrap 'n gunsteling	77
Dienste	78
Meer oor LIVE-dienste.....	78
Veiligheidskennisgewing	78
LIVE-dienste-intekenings.....	78
Meer oor TomTom Traffic.....	79
Meer oor Search & Go.....	79
Meer oor deel van jou bestemming	79
Meer oor Plaaslike soektog	80
Gebruik plaaslike soektog	80
Meer oor spoedkameras	80
Ander dienste	81
Search & Go	82
Meer oor Search & Go.....	82
Gebruik Soek & GO om 'n PVB te vind.....	82
Deel bestemming met Twitter	84
Deel bestemming en aankomstyd	84
Meld aan by 'n bestemming.....	85
Verkeer	86
Meer oor verkeersinligting	86
Meer oor TomTom Traffic.....	86

Veiligheidskennisgewing	86
Gebruik verkeerinligting	86
Neem die vinnigste roete	87
Verkort verdragings	88
Maak pendel tussen huis en werk makliker	88
Kry meer inligting oor 'n insident	89
Beskou verkeersinsidente in jou area	90
Verander verkeerinstellings	91
Verkeersinsidente	91
Verkeerkieslys	92

Spoodkamas **94**

Meer oor spoodkamas	94
Spoodkamaarskuwings	94
Verander die manier waarop jy gewaarsku word	94
Spoodkama-simbole	95
Werk liggings vir waarskuwings by	97
Rapporteerknoppie	97
Rapporteer 'n nuwe spoodkama en route	97
Rapporteer 'n spoodkama terwyl jy tuis is	97
Rapporteer foutiewe kamaarskuwings	98
Tipes spoodkamas wat jy kan rapporteer	98
Waarskuwings teen kamas wat trajekspoed meet	98
Spoodkama-kieslys	99

Gevaarsones **100**

Meer oor gevaarsones	100
Gevaarsonewaarskuwings	100
Verander die manier waarop jy gewaarsku word	100
Gevaarsonesimbole	101
Rapporteerknoppie	101
Rapporteer 'n nuwe gevaarsone in die ry	101
Rapporteer 'n gevaarsone terwyl jy tuis is	101
Veiligheidswaarskuwingskieslys	102

Die weer **103**

Meer oor weer	103
Versoek 'n weerberig	103
Tipes liggings	103

TomTom-produkte vir kampeerwaens en karavane **106**

Meer oor TomTom-produkte vir kampeerwaens en karavane	106
Voertuigtipes	106
Stel jou voertuig in	107
Kies 'n kampeerwa- of karavaankaart	108
Kies jou voertuigtipe	108
Wys die kitskieslys-knoppie vir voertuigtipe	109

MyDrive	110
Meer oor MyDrive	110
Meer oor MyDrive Connect	110
MyTomTom-rekening	110
Opstel van MyDrive.....	110
Bylaag	112
Kopieregkennisgewings:	116

Welkom by navigasie met TomTom

Hierdie naslaangids verduidelik alles wat jy van jou nuwe TomTom-navigasietoestel moet weet.

As jy vinnig van al die noodsaaklike dinge wil lees, beveel ons aan dat jy die hoofstuk [Lees my eers](#) raadpleeg. Dit dek hoe om te installeer, aan te skakel, op te stel en via MyDrive op te dateer.

Waarskynlik sou jy tóg ook roetebeplanning wou bekyk, en jy kan alles hieroor in die hoofstuk [Beplan 'n roete](#) te wete kom.

Vir inligting oor wat jy op die toestel self sien, gaan na:

- [Die Ritaansig](#)
- [Bekyk kaart](#)
- [Verkeer](#)
- [Spoedkameras](#)

Wenk: Daar is ook neulvrae (FAQs) by tomtom.com/support. Kies jou produk se model uit die lys of tik 'n term in en doen 'n soektog.

Ons hoop jy geniet dit om van jou nuwe navigasietoestel te lees en, bowenal, om dit te gebruik!


Wat is in die boks?

Wat is in die boks?

- TomTom-navigasietoestel met verwyderbare of geïntegreerde hegstuk



- USB-kabel



- USB-motorlaaier



- Instrumentpaneeldokskywe Dokskywe word by sommige produkte ingesluit en is as bykomstighede vir ander beskikbaar. Vir meer inligting, gaan na tomtom.com/accessories.



- Installasieplakkaat

Lees my eers

Posisionering van die toestel

Dink mooi na oor waar jy jou TomTom-navigasietoestel in jou motor wil installeer. Die navigasietoestel moenie enige van die volgende blokkeer of belemmer nie:

- Jou uitsig op die pad
- Enige van die kontroles in jou motor
- Enige van die spieëls
- Enige lugsakke

Wanneer jou navigasietoestel geïnstalleer is, moet dit maklik bereikbaar wees sonder dat jy hoeft oor te leun of te rek. Jy kan die toestel aan die voorruit heg of jy kan die instrumentpaneel-dokskyf gebruik om die hegstuk aan jou instrumentpaneel te heg. Instrumentpaneel-dokskywe kom saam met sommige produkte en is as bykomstighede beskikbaar. Die volgende diagramme toon waar jy die hegstuk veilig kan heg.



TomTom bied ook alternatiewe monteroplossings vir jou TomTom-navigasietoestel. Vir meer inligting oor instrumentpaneel-dokskywe en alternatiewe monteroplossings, gaan na tomtom.com/accessories.

Installeer in jou motor

Gebruik die hegstuk wat saam met jou toestel verskaf word om jou TomTom-toestel binne-in jou motor te installeer. Jy kan jou toestel aan die voorruit heg of 'n instrumentpaneel-plakskyf gebruik om jou toestel aan die instrumentpaneel te heg. Sien die gedrukte installasie-instruksies wat by jou produk ingesluit is vir meer inligting. Lees die instruksies oor die [posisionering van jou toestel](#) voordat jy jou toestel installeer.

Om jou toestel te installeer, doen die volgende:

1. Kies die beste plek om jou TomTom-toestel te monteer. Hierdie plek moet so egalig as moontlik wees.
2. As jy van die instrumentpaneel-hegskyf gebruik gaan maak, sorg dat die instrumentpaneel skoon is en installeer dan die skyf.
3. Maak seker dat beide die monterstuk se suig dop en die voorruit van jou motor skoon en droog is.
4. Druk die suig dop van die monterstuk stewig teen die voorruit of skyf vas.

5. Draai die rubber greep naby die basis van die hegstuk in 'n kloksgewyse rigting totdat jy voel dit sluit.
6. As die hegstuk nie 'n integrale deel van jou toestel uitmaak nie, plaas die toestel in die hegstuk en maak seker dat dit stewig klik.
7. Prop die USB-motorlaaier by die kragtoevoer op jou instrumentpaneel in.
8. Koppel die USB-kabel aan die motorlaaier en jou toestel.

Jou navigasietoestel is nou geïnstalleer. Die volgende stap is om dit aan te skakel en 'n paar vrae te beantwoord.

Skakel aan en af

Om jou navigasietoestel aan te skakel, druk en hou die Aan/Af-knoppie in totdat jy die beginskerm sien. Die eerste keer wanneer jy jou toestel aanskakel, moet jy die knoppie vir tot soveel as 15 sekondes ingedruk hou.

Opstelling

Belangrik: Maak seker dat jy die regte taal kies want die een wat jy kies, sal vir alle teks op die skerm gebruik word.

Wanneer jy jou toestel die eerste keer aanskakel, moet jy 'n paar vrae beantwoord om die toestel op te stel. Beantwoord die vrae deur op die skerm te tik.

GPS-ontvangs

Wanneer jy jou TomTom die eerste keer begin, mag die toestel dalk 'n paar minute nodig hê om jou GPS-posisie te bepaal en jou huidige ligging op die kaart te wys. In die toekoms sal jou posisie baie vinniger gevind word, gewoonlik binne 'n paar sekondes.

Om goeie GPS-ontvangs te verseker, behoort jy jou toestel in die buitelug te gebruik en jou toestel regop te hou. Groot voorwerpe soos hoë geboue kan soms met die ontvangs inmeng.

GPS-ontvangs kan ook beïnvloed word wanneer die toestel plat op 'n oppervlak geplaas of plat in jou hand gehou word.

Mikro-SD-kaartgleuf

Onderaan of aan die kant van sommige TomTom-navigasietoestelle is daar 'n gleuf vir 'n SD-kaart.

Voordat jy van die geheuekaartgleuf gebruik maak, maak seker dat die jongste app. op jou navigasietoestel geïnstalleer is deur met MyDrive te verbind. Wanneer jou toestel bygewerk is, kan jy 'n geheuekaart as ekstra bergingsruimte gebruik om bykomende kaarte tot jou toestel by te voeg. Kaarte kan gekoop word by tomtom.com.

Meer oor MyDrive

MyDrive is 'n webgebaseerde nutsding wat jou help om jou TomTom-navigasietoestel se inhoud en dienste te bestuur. Jy gebruik MyDrive om kaartbywerkings en 'n hele spul ander goed te kry.

Jy meld via die TomTom-webwerf by MyDrive aan. Dit is 'n goeie idee om jou navigasietoestel gereeld aan MyDrive te koppel om seker te maak dat jy altyd die jongste bywerkings het.


Wenk: Ons beveel gebruik van 'n breëband-internetverbinding aan wanneer jy ook al jou navigasietoestel met MyDrive verbind.

Opstel van MyDrive

Om gerat te wees om MyDrive die eerste keer te gebruik, doen die volgende:

1. Maak 'n webblaaier op jou rekenaar oop en gaan na tomtom.com/getstarted.
2. Klik **Begin**.
3. Klik op **Laai MyDrive Connect af**.
Volg die instruksies op die skerm.
4. Wanneer jy gepor word, koppel jou toestel aan jou rekenaar via die USB-kabel wat saam met jou toestel voorsien word, en skakel dan jou toestel aan.

Let wel: Gebruik slegs die USB-kabel wat saam met jou toestel voorsien word. Ander USB-kabels sal dalk nie werk nie.



Belangrik: Jy behoort die USB-kabel direk by die USB-poort op jou rekenaar in te prop en nie by 'n USB-naaf of USB-poort op 'n sleutelbord of skerm nie.

5. Tik die verlangde inligting in om 'n rekening te skep, met inbegrip van jou land.
Sodra opstelling afgehandel is, word 'n MyTomTom-rekening geskep en jou navigasietoestel word met jou rekening verbind.
Hierna kan jy toegang tot MyDrive Connect verkry via die kennisgewingsareas op jou rekenaar.



MyDrive begin outomaties sodra die rekening geskep is.

Let wel: Wanneer jy volgende keer toegang tot MyDrive wil verkry, gaan via 'n webblaaier na tomtom.com/mydrive

Wenk: Sodra jy jou navigasietoestel aan jou rekenaar koppel, sal MyDrive Connect jou verwittig as daar enige bywerkings vir jou toestel is.

Veiligheid-instellings

Ons beveel gebruik van die veiligheidsinstellings aan om te verseker dat jy so veilig as moontlik bestuur.

'n Paar opsies word onder die veiligheidinstellings ingesluit:

- Wys noodsaaklike kieslysknoppies terwyl jy bestuur
- Wys veiligheidswaarskuwings
- Waarsku wanneer vinniger ry as toegelaat

As jou toestel met stembeheer werk, kan jy ook veiliger bestuur deur stembeheer te gebruik om jou navigasietoestel te beheer.

Toestel begin nie

In seldsame gevalle sal jou TomTom navigasietoestel dalk nie korrek begin nie of ophou om op jou tikke te reageer.

Kontroleer eers dat die battery gelaai is. Om die battery te herlaai, koppel jou toestel aan die motorlaaiër. Dit kan tot 2 uur duur om die battery volledig te herlaai.

As dit nie die probleem oplos nie, kan jy die toestel teruglaai. Om dit te doen, druk en hou die aan/af-knoppie in totdat jy die getroffel hoor en jou toestel herbegin. Dit kan 30 sekondes of langer duur.

Laai jou toestel

Die battery in jou TomTom navigasietoestel laai wanneer jy dit aan 'n motorlaaiër of jou rekenaar koppel.

Belangrik: Jy moet die USB-verbinder direk by die USB-poort op jou rekenaar inprop en nie by 'n USB-naaf of USB-poort op 'n sleutelbord of skerm nie.

Deel inligting met TomTom

Wanneer jy die eerste keer navigeer of jou toestel teruglaai, vra jou toestel toestemming om sommige inligting oor jou gebruik van die navigasietoestel te versamel. Die inligting word op die toestel gestoor totdat ons dit terugwin. Ons gebruik dit anoniem om ons produkte en dienste te verbeter. As jy LIVE-dienste gebruik, sal ons ook jou liggingsinligting gebruik om die dienste aan jou te lewer.

Jy kan te eniger tyd verander of jy hierdie inligting met ons wil deel deur die volgende te doen:

1. In die Hoofkieslys, tik **Instellings**.
2. Tik **Ek en my toestel**.
3. Tik **My inligting**.
4. Tik **Nee** om deling te staak of tik **Ja** om deling te aktiveer.

Let wel: As jy kies om nie hierdie inligting te deel nie, sal jy nie meer LIVE-dienste ontvang nie. Dis omdat LIVE-dienste die ligging van jou toestel aan TomTom moet stuur ten einde die verkeersinligting te ontvang wat verband hou met waar jy jouself tans bevind. Die einddatum van jou inskrywing bly dieselfde, selfs al deel jy nie hierdie inligting met ons nie.

Vir meer inligting, sien ons privaatheidsbeleid by tomtom.com/privacy.

Veiligheidskennisgewing

Sommige navigasietoestelle bevat 'n GSM/GPRS-module wat steurend op elektriese toestelle soos hart-pasaangeërs, gehoortoestelle en lugvaarttoestelle kan inwerk.

Steurende inwerkings op hierdie toestelle kan jou of ander mense se gesondheid of lewe in gevaar stel.

As jou toestel 'n GSM/GPRS-module bevat, moenie dit naby onbeskermde elektriese eenhede gebruik of in areas waar die gebruik van selfone verbied word nie, soos in hospitale of op vliegtuie.

Pas jou navigasietoestel op

Dit is belangrik om jou toestel op te pas:

- Moet onder geen omstandighede jou toestel se omhulsel oopmaak nie. Só 'n handeling is nie net gevaarlik nie, dit kan ook daartoe aanleiding gee dat die waarborg nietig verklaar word.
- Gebruik 'n sagte lappie om jou toestel se skerm af te vee of droog te maak. Moenie enige vloeibare skoonmaakmiddels gebruik nie.

Kry hulp met die gebruik van jou navigasietoestel

Jy kan verdere hulp verkry deur na tomtom.com/support te gaan.

Vir waarborginligting, gaan na tomtom.com/legal.

Beplan 'n roete

Beplan 'n roete

Belangrik: In die belang van veiligheid, en om nie jou aandag af te trek terwyl jy bestuur nie, moet jy altyd 'n roete beplan vóór jy begin ry.

Belangrik: Indien jy van 'n TomTom-produk vir kampeerwaens of karavane gebruik maak, moet jy [jou toestel vir jou voertuig instel](#) voordat 'n roete beplan word.

Om 'n roete op jou TomTom-toestel te beplan, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys oop te maak.




2. Tik **Navigeer na** of **Ry na**.
3. Tik **Adres**.
Jy kan die land of staat verander deur op die vlaggie te tik voor jy 'n stad kies.
4. Tik die dorp of stad se naam of die poskode in.

Wenk: As jou toestel met stembeheer werk, kan jy in stede daarvan om die adres in te tik, op die mikrofoonknoppie tik om die adres in te voer deur met jou TomTom-toestel te praat.

Dorpe met soortgelyke name word in die lys vertoon terwyl jy tik.


Wanneer die korrekte stad of dorp in die lys verskyn, tik op die naam om die bestemming te kies.




5. Tik die straatnaam in.

Strate met soortgelyke name word in die lys vertoon terwyl jy tik.

Wanneer die korrekte straatnaam in die lys verskyn, tik op die naam om die bestemming te kies.




6. Tik die huisnommer in en tik dan **Klaar**.



7. Die ligging word op die kaart vertoon. Tik **Kies** om voort te gaan of tik **Terug** om 'n ander adres in te voer.

Belangrik: Indien jy 'n roete vir 'n kampeerwa of karavaan beplan en geen spesifieke roete gevind kan word nie, word jy gevra of jy in stede daarvan 'n motorroete wil gebruik. Indien jy 'n motorroete gebruik, slaan veral ag op enige roetebeperkings onderwyl jy bestuur.

Wenk: As jy wil hê jou finale bestemming moet 'n parkeerterrein wees, tik **Parkeerterrein** en kies 'n ligging uit die lys van parkeerterreine wat die naaste aan jou algemene bestemming is.



8. Wanneer die nuwe roete gewys word, tik **Klaar**.

Vir meer inligting oor die roete, tik **Details**.

Om jou roete te verander, byvoorbeeld om via 'n spesifieke ligging te reis, of om 'n nuwe bestemming te kies, tik **Verander roete**.



Jou toestel begin dan om jou via gesproke instruksies en aanwysings op die skerm na jou bestemming te begelei.

Roete-opsomming

Die roete-opsomming wys 'n oorsig van jou roete, die oorblywende afstand na jou bestemming en die oorblywende beraamde reistyd.

Om die roete-opsomming te bekyk, tik op die regterhandse paneel op die statusbalk in die ritaansig of tik **Bekyk roete** in die hoofkieslys en tik dan **Wys roete-opsomming**.

As jy TomTom Traffic of 'n RDS-TMC-ontvanger het, sal die roete-opsomming ook verkeerinligting oor vertraging op jou roete wys.

Let wel: Om TomTom se verkeersinligtingsdienste te gebruik, mag jy dalk 'n intekening of 'n ontvanger nodig hê. Verkeersdienste werk nie in alle lande of streke nie. Vir meer inligting besoek tomtom.com/services.



LIVE-opsomming

LIVE-opsomming wys inligting oor LIVE-dienste op jou roete.

Om die inligting in die LIVE-opsomming te bekyk, tik die LIVE-oortjie op die roete-opsommingskerm. Tik enigeen van die panele vir meer gedetailleerde inligting.



Die LIVE-oortjiepaneel wys die volgende inligting:

- **Verkeer op roete** - tik hierdie paneel om gedetailleerde inligting oor verkeersvertraginge en ander insidente op jou roete te sien.
- **Spoedkameras** of **gevaarsones** - tik hierdie paneel om die spoedkamera- of gevaarsonesieslys oop te maak. Jy kan dan 'n spoedkamera of gevaarsone rapporteer of jou instellings vir waarskuwings verander.
- **Weer** - tik hierdie paneel om die jongste weerberigte te bekyk.

Let wel: LIVE-dienste is nie in alle lande of streke beskikbaar nie, en nie alle LIVE-dienste is in alle lande of streke beskikbaar nie. Jy mag dalk nie in staat wees om LIVE-dienste te gebruik wanneer jy in die buiteland reis nie. Vir meer inligting oor beskikbare dienste, gaan na tomtom.com/services.

Alternatiewe roetes

Let wel: Hierdie funksie is nie op alle TomTom-navigasietoestelle beskikbaar nie.

Jou TomTom-toestel help jou om jou bestemming so vinnig as moontlik te bereik deur aan jou 'n vinniger roete te wys wanneer een beskikbaar is.



Om die alternatiewe roete te neem, tik die ballon boaan die skerm. As jy nie die alternatiewe roete wil volg nie, hou aan ry om instruksies vir jou oorspronklike roete te ontvang.

Wenk: Die alternatiewe roete verdwyn as dit nie meer vinniger as jou oorspronklike roete is nie of as jy versuim het om dit betyds te kies.

Om die manier waarop jy oor alternatiewe roetes gevra word, te verander, tik **Instellings** en dan **Roetebeplanning**. Tik **Volgende** totdat jy by **Herbeplanninginstellings** uitkom.

Kies 'n roetetipe

Elke keer wanneer jy 'n roete beplan, kan jy kies om gevra te word oor die tipe roete wat jy wil beplan.

Om dit te doen, tik **Instellings** gevolg deur **Roetebeplanning**, dan **Tipe roete**. Tik **Vra my elke keer as ek beplan**.

As jy van 'n TomTom-produk vir kampeerwaens of karavane gebruik maak, moet jy jou voertuig tipe op **Motor** instel sodat jy die tipe roete kan kies. Tik **Instellings** gevolg deur **Voertuie en roetes**, dan **Voertuig- en roetetipes**. Kies **Motor** as jou tipe voertuig; tik dan **Vra my elke keer as ek beplan**.

Let wel: Slegs wanneer jy 'n motor as jou voertuig kies, sal jy oor die tipe roete gevra word.



Die tipe roetes waaruit jy kan kies, is as volg:

- **Vinnigste roete** - die roete wat die minste tyd neem.
- **Ekoroete** - die brandstof doeltreffendste roete vir jou reis.
- **Kortste roete** - die kortste afstand tussen die liggings wat jy instel. Dit is dalk nie die vinnigste roete nie, veral as die kortste roete deur 'n dorp of stad loop.
- **Staproete** - 'n roete wat ontwerp is om die reis te voet af te lê.
- **Fietsroete** - 'n roete wat ontwerp is om die reis per fiets af te lê.
- **Begrensde spoed** - 'n roete gebaseer op 'n maksimumspoed. Wanneer jy hierdie tipe roete kies, voer jy 'n maksimumspoed in. Die roete en die beraamde tyd van aankoms word dan beplan gegrond op die spoed wat ingevoer is.

Tik **Volgende**. As jy **Vinnigste roete** gekies het, sal jy gevra word om te kies of jy altyd snelweë wil vermy.

Gereelde bestemmings

As jy dikwels ritte na dieselfde bestemmings onderneem, kan jy jou TomTom-toestel instel om jou te vra of jy 'n roete na een van hierdie liggings wil beplan elke keer wanneer die toestel aanskakel. Hierdie opsie is vinniger as om 'n roete op die normale manier te beplan.



Wys my gereelde bestemmings

Jy kan jou TomTom-toestel instel sodat dit elke keer wanneer dit aangeskakel word, vra of jy 'n roete wil beplan na een van die bestemmings wat jy gereeld besoek.

Om hierdie instelling te verander, doen die volgende:

1. Tik **Begin** in die instellingskieslys en kies dan **Vra vir 'n bestemming**.
2. Tik **Ja**; tik dan weer **Ja** sodat jy kan begin om inligting oor die bestemming in te voer.
3. Kies 'n simbool vir die bestemming en tik **Klaarom** die simbool in te stel; tik dan **Ja**.

Wenk: Om nuwe bestemmings by te voeg, kies een van die genommerde simbole en tik 'n naam vir die nuwe bestemmingsknoppie in.

4. Tik **Ja** en, indien nodig, voer 'n nuwe naam in; tik dan **Klaar**.
5. Tik die adresbesonderhede in op dieselfde manier as wat jy 'n adres sou invoer wanneer jy 'n roete beplan; tik dan **Klaar**.
6. Indien jy meer bestemmings wil instel, herhaal die stappe hierbo. Indien nie, tik **Klaar**.
7. Jy word gevra of jy die beginprent wil verander.
8. As jy die beeld wil verander, tik **Ja** en volg die instruksies wat op die skerm vertoon word. Indien nie, tik **Nee**.

Elke keer wanneer jou toestel begin, word jy gevra of jy 'n roete wil beplan. As jy **Kanselleer** tik, maak die ritaansig oop.

Gebruik aankomstye

Wanneer jy 'n roete beplan, kan jy jou TomTom-toestel stel om jou te vra of jy teen 'n spesifieke tyd moet arriveer.



Statusbalk

Tik **Statusbalk** in die instellingskieslys om tydkenisgewings te aktiveer of te deaktiveer.

Om aankomstydkenisgewings te aktiveer, kies **Speling**.

Nadat 'n roete beplan is, tik **JA** om jou voorkeuraankomstyd in te voer.

Jou toestel bereken jou aankomstyd en wys jou of jy betyds gaan arriveer.

Jy kan ook hierdie inligting gebruik om te bepaal wanneer jy moet vertrek. As jou toestel wys dat jy 30 minute vroeg gaan arriveer, kan jy wag en eers oor 30 minute vertrek, eerder as om vroeg te arriveer.

Jou aankomstyd word voortdurend tydens jou reis herbereken. Die statusbalk wys of jy betyds gaan arriveer en of jy laat gaan wees, soos hieronder vertoon:



Jy gaan 55 minute vroeër arriveer as die aankomstyd wat jy ingevoer het. As die beraamde aankomstyd meer as vyf minute voor die tyd is wat jy ingetik het, word dit in groen vertoon.



Jy gaan 3 minute vroeër arriveer as die aankomstyd wat jy ingevoer het. As die beraamde aankomstyd minder as vyf minute voor die tyd is wat jy ingetik het, word dit in geel vertoon.



Jy gaan 19 minute laat arriveer.

As die beraamde aankomstyd later is as die tyd is wat jy inetik het, word dit in rooi vertoon.

Navigasiekieslysopsies

Wanneer jy **Navigeer na** of **Ry na** tik, kan jy jou bestemming op baie maniere instel, nie net deur die adres in te tik nie. Die ander opsies word hier onder gelys:



Huis

Tik hierdie knoppie om na jou huisligging te navigeer.

Jy sal hierdie knoppie waarskynlik meer as enige ander een gebruik.



Gunsteling

Tik hierdie knoppie om 'n gunsteling as jou bestemming te kies.



Adres

Tik hierdie knoppie om 'n adres as jou bestemming in te voer.



Onlangse bestemming

Tik hierdie knoppie om jou bestemming te kies uit 'n lys plekke wat jy onlangs as bestemmings gebruik het.



Plek van belang

Tik hierdie knoppie om na 'n plek van belang (PVB) te navigeer.



Gesproke adres

Op sommige toestelle kan jy 'n adres invoer deur spraak te gebruik. Sien Stembeheer.



Punt op kaart

Tik hierdie knoppie om via die kaartblaaier 'n punt op die kaart as jou bestemming te kies.



Tik hierdie knoppie om 'n bestemming in te tik deur breedte- en lengtegraadwaardes te gebruik.

Breedtegraad Lengtegraad



Posisie van laaste stilhouplek

Tik hierdie knoppie om jou laaste aangetekende posisie as jou bestemming te kies.



Plaaslike soektog

Tik hierdie knoppie om plaaslike soektog met TomTom Places te gebruik om jou te help om winkels en sake-ondernemings by en in die omstreke van jou huidige ligging te vind.

Jy kan kies om winkels en sake-ondernemings naby jou, naby jou bestemming, naby enige ander bestemming of in 'n stad te soek. As jy, byvoorbeeld, 'n swembad naby jou huidige ligging wil vind, tik 'swembad' in en kies die beste soekresultaat.

Beplan 'n roete vooruit

Jy kan jou TomTom-toestel gebruik om 'n roete vooruit te beplan deur jou beginpunt en jou bestemming te kies.

Hier is nog 'n paar redes waarom 'n roete vooruit beplan moet word:

- Om uit te vind hoe lank 'n reis gaan duur voordat jy wegspring.
- Jy kan ook reistye vir dieselfde roete op verskillende tye van die dag of op verskillende dae van die week vergelyk. Jou toestel gebruik IQ Routes wanneer 'n roete beplan word. IQ Routes bereken roetes gebaseer op die werklike gemiddelde spoed wat op paaie gemeet is.
- Bestudeer die roete van 'n reis wat jy tans beplan.
- Gaan die roete na van iemand wat jou kom besoek en verduidelik dan die roete in detail aan daardie persoon.

Om 'n roete vooruit te beplan, volg hierdie stappe:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys oop te maak.
2. Klik die pylknoppie om na die volgende kieslysskerm te gaan, en klik **Beplan roete**.



Hierdie knoppie wys wanneer daar geen beplande roete op jou TomTom-toestel is nie.

3. Kies die beginpunt vir jou reis op dieselfde manier as wat jy jou bestemming sou kies.
4. Stel die bestemming van jou reis.
5. As roetebeplanninginstellings ingestel is op **Vra my elke keer as ek beplan**, kies die tipe roete wat jy wil beplan:
 - **Vinnigste roete** - die roete wat die minste tyd neem.
 - **Ekoroute** - die brandstof doeltreffendste roete vir jou reis.

- **Kortste roete** - die kortste afstand tussen die liggings wat jy instel. Dit is dalk nie die vinnigste roete nie, veral as die kortste roete deur 'n dorp of stad loop.
- **Vermyn snelweë** - 'n roete wat snelweë vermy.
- **Staproete** - 'n roete wat ontwerp is om die reis te voet af te lê.
- **Fietsroete** - 'n roete wat ontwerp is om die reis per fiets af te lê.

6. Kies die datum en tyd waarop jy die reis gaan onderneem wat jy tans beplan.

Jou toestel gebruik IQ Routes om die beste moontlike roete op daardie tydstip uit te werk. Dit is handig om te sien hoe lank 'n reis op verskillende tye van die dag of op verskillende dae van die week gaan neem.

Jou navigasietoestel beplan dan die roete tussen die twee plekke wat jy gekies het.

Bekyk roete-inligting

Jy kan toegang tot hierdie opsies vir die roete wat jy beplan het, verkry deur **Bekyk roete** in die hoofkieslys of die **Details**-knoppie in die roete-opsommingskerm te tik.

Jy kan dan uit die volgende opsies kies:



Tik hierdie knoppie vir 'n lys van al die draai-instruksies op die roete. Dit is baie handig wanneer jy 'n roete aan iemand anders moet verduidelik.

Wys instruksies



Tik hierdie knoppie om 'n oorsig van die roete via die kaartblaaier te sien.

Wys kaart van roete



Tik hierdie knoppie om 'n demo van die reis te sien. Jy kan die demo te eniger tyd onderbreek deur op die skerm te tik.

Wys roete-demo



Tik hierdie knoppie om die roeteopsommingskerm oop te maak.

Wys roete-opsomming



Tik hierdie knoppie om 'n voorskou van jou bestemming te sien. Jy kan na 'n parkeerterrein naby jou bestemming navigeer en enige beskikbare inligting oor jou bestemming, byvoorbeeld die telefoonnommer, bekyk.

Wys bestemming



**Wys verkeer op
roete**

Tik hierdie knoppie om al die verkeersinsidente op jou roete te sien.

Let wel: Hierdie knoppies word slegs gewys indien jou toestel óf 'n verkeerintekening óf 'n RDS-TMC-ontvanger het. Verkeersinligting is nie in alle lande of streke beskikbaar nie. Vir meer inligting oor TomTom se verkeersinligtingsdienste gaan na tomtom.com/services.

Stembeheer

Let wel: Stembeheer werk nie op alle toestelle en in alle tale nie.

Stembeheer werk op verskillende maniere, na gelang van jou tipe toestel.

Navigeer na

As die knoppie **Navigeer na** in die **Hoofkieslys** op jou toestel wys, lees hierdie onderwerpe oor stembeheer:

[Stembeheer - navigeer na](#)

Ry na

As die knoppie **Ry na** in die **Hoofkieslys** op jou toestel wys, lees hierdie onderwerpe oor stembeheer:

[Stembeheer - Ry na](#)

Stembeheer - Navigeer na

Meer oor stembeheer

Let wel: Stembeheer werk nie op alle toestelle en in alle tale nie.

In stede daarvan om op die skerm te tik om jou TomTom-toestel te beheer, kan jy jou stem gebruik om jou toestel te beheer.

Byvoorbeeld, om die volume op jou toestel te verhoog, kan jy sê "Verhoog volume".

Om die lys van beskikbare bevele te bekyk, tik **Hulp** in die hoofkieslys, tik **Produk-handleidings** en tik dan **Wat kan ek sê?**

Belangrik: Stembeheer vereis 'n rekenaarstem. As daar nie 'n rekenaarstem op jou TomTom-toestel geïnstalleer en gekies is nie, is hierdie funksie nie beskikbaar nie.

Om 'n rekenaarstem te kies, tik **Stemme** in die instellingskieslys; tik dan **Verander stem** en kies 'n rekenaarstem.

Gebruik stembeheer

Om stembeheer aan te skakel en die knoppie in die ritaansig te wys, tik **Stembeheer** in die instellingskieslys en kies **Aktiveer stembeheer**.

Om stembeheer af te skakel en die knoppie uit die ritaansig te verwyder, tik **Stembeheer** in die instellingskieslys en kies **Deaktiveer stembeheer**.

Die volgende voorbeeld wys hoe om stembeheer te gebruik om 'n reis na jou huisadres te beplan:

1. Tik die mikrofoonknoppie in die ritaansig om die mikrofoon aan te skakel.



Jy sien 'n skerm met voorbeelde van bevele wat jy kan sê.

Tik **Wat kan ek sê?** om 'n volledige lys te sien van die bevele wat jy kan sê. As 'n alternatief, tik **Instellings** in die hoofkieslys, tik **Stembeheer** en tik dan **Wat kan ek sê?**

2. Wanneer jy die toon hoor, sê 'n bevel van jou keuse. Byvoorbeeld, jy kan sê "Navigeer huis toe". Jou toestel is slegs gereed om te luister nadat jy die toon gehoor het.

Terwyl jy praat, wys die mikrofoonmonitor hoe goed die toestel jou stem kan hoor:

- 'n Groen balk beteken die toestel kan jou stem hoor.
- 'n Rooi balk beteken jou stem is té hard vir die toestel om individuele woorde te herken.
- 'n Grys balk beteken jou stem is té sag vir die toestel om individuele woorde te herken.

Vir sommige frases vra jou toestel vir bevestiging.

Wenk: Vir die beste herkenning van wat jy sê, praat normaalweg sonder om te probeer om woorde op 'n onnatuurlike manier te artikuleer. As daar, byvoorbeeld, oormatige padgeraas is, mag dit nodig wees om in die rigting van die mikrofoon te praat.

3. As die bevel korrek is, sê 'Ja'.

As die bevel verkeerd is, sê "Nee" en herhaal die bevel nadat jy weer eens die por en toon gehoor het.

Jou toestel beplan 'n roete vanaf jou huidige ligging na jou bestemming.

Wenk: Om te verhoed dat jou toestel na verdere bevele luister, sê "Kanselleer". Om een stap terug te gaan, sê "Terug".

Beplan 'n reis deur jou stem te gebruik

Belangrik: In die belang van veiligheid, en om nie jou aandag af te trek terwyl jy bestuur nie, moet jy altyd 'n roete beplan vóór jy begin ry.

Let wel: Dit is nie moontlik om 'n roete met behulp van jou stem vir alle kaarte in alle lande of in alle tale te beplan nie.

Om via stem 'n roete na 'n adres te beplan, doen die volgende:

1. Tik die stembeheer-knoppie in die ritaansig.



2. Wanneer jy die toon hoor, sê "Navigeer na adres".
3. Sê die naam van die dorp.



Jou toestel wys 'n lys van dorpe wat dieselfde behoort te klink as wat jy gesê het en sê aan jou watter dorp boaan die lys is.

As die dorp wat jy hoor dieselfde is as die dorp waarvoor jy gevra het, sê "Klaar" of "OK" of "Ja" of "Een" of tik die dorp boaan die lys.

As jy dorp wat jy hoor, verkeerd is maar die korrekte dorp is wel in die lys, sê die nommer langs die korrekte dorp of tik op die naam van die dorp.

Byvoorbeeld, as die korrekte stad Rotterdam is en hierdie dorp word as die derde item in die lys vertoon, sê "Drie" of tik op die naam, **Rotterdam**.

As die naam nie in die lys is nie, sê dan "Terug" of "Nee" of tik **Terug** om terug te gaan na die vorige skerm en sê weer die dorp se naam wanneer jy die toon hoor.

4. Sê die straatnaam.

Jou toestel wys 'n lys van straatname wat dieselfde behoort te klink as wat jy gesê het en sê aan jou watter straatnaam boaan die lys is.

As die straatnaam wat jy hoor dieselfde is as die straatnaam waarvoor jy gevra het, sê "Klaar" of "OK" of "Ja" of "Een" of tik op die straatnaam boaan die lys.


Wenk: Sommige liggings het dalk dieselfde naam, soos 'n pad wat deur veelvoudige poskodes loop. Wanneer dit gebeur, moet jy na die skerm kyk en op die regte ligging tik.

As die straatnaam wat jy hoor, verkeerd is maar die korrekte straatnaam is wel in die lys, sê die nommer langs die korrekte straatnaam of tik op die straatnaam in die lys.

As die straatnaam nie in die lys is nie, sê "Terug" of "Nee" of tik **Terug** om terug te gaan na die vorige skerm en sê dan weer die straatnaam wanneer jy die toon hoor.

5. Sê die huisnommer.

Belangrik: Nommers moet in dieselfde taal gesê word as wat vir die knoppies en kieslyste op jou toestel gebruik word.



Nommers moet op dieselfde manier uitgespreek word as wat mens normaalweg 'n nommer sê, in een aaneenlopende sin. Dus word 357 uitgespreek as, "Driehonderd-sewe-en-vyftig".

As die nommer korrek vertoon word, sê dan "Klaar" of "OK" of tik die sleutelbord om die nommer in te voer.

As die nommer verkeerd vertoon word, sê dan "Terug" of "Nee" of gebruik terugspasieer en herhaal die nommer.

Wenk: As jy "Terug" sê wanneer daar geen nommers op die skerm is nie, sal jou toestel teruggaan na die vorige skerm.

Wanneer die nommer korrek vertoon word, sê "Klaar" of "OK". As 'n alternatief, voer die nommer in deur die skerm te tik.

6. Wanneer die roete bereken is en die roete-opsomming vertoon word, tik **Klaar**.

Jou toestel begin dan om jou via gesproke instruksies en aanwysings op die skerm na jou bestemming te begelei.

Wenk: Benewens om 'n roete te beplan deur stembeheer te gebruik, kan jy **Navigeer na** in die hoofkieslys tik en dan **Gesproke adres** tik. As 'n alternatief kan jy die knoppie onderaan die sleutelbord tik wanneer jy 'n adres invoer. Wanneer die knoppie grys vertoon, kan jy nie spraak gebruik om 'n adres in te voer nie.

Stembeheer - Ry na

Meer oor stembeheer

Let wel: Stembeheer werk nie op alle toestelle en in alle tale nie.

In stede daarvan om op die skerm te tik om jou TomTom-toestel te beheer, kan jy jou stem gebruik om jou toestel te beheer.

Byvoorbeeld, om die volume op jou toestel te verhoog, kan jy sê "Verhoog volume" of "Volume 50%".

Om die lys van beskikbare bevele te bekyk, tik **Hulp** in die hoofkieslys, tik **Produk-handleidings** en tik dan **Wat om te sê**.

Belangrik: Stembeheer vereis 'n rekenaarstem. As daar nie 'n rekenaarstem op jou TomTom-toestel geïnstalleer en gekies is nie, is hierdie funksie nie beskikbaar nie.

Om 'n rekenaarstem te kies, tik **Stemme** in die instellingskieslys; tik dan **Verander stem** en kies 'n rekenaarstem.

Gebruik stembeheer

Stembeheer word by verstek aangeskakel as dit vir jou gekose taal werk.

Om stembeheer af te skakel en die knoppie uit die ritaansig te verwyder, tik **Stembeheer** in die instellingskieslys en kies **Deaktiveer stembeheer**.

Die volgende voorbeeld wys hoe om stembeheer te gebruik om 'n reis na jou huisadres te beplan:

1. Tik die mikrofoonknoppie in die ritaansig om die mikrofoon aan te skakel.



Jy sien 'n skerm met voorbeelde van bevele wat jy kan sê.

Tik **Wat om te sê** om 'n volledige lys te sien van die bevele wat jy kan sê. As 'n alternatief, tik **Instellings** in die hoofkieslys, tik **Stembeheer** en tik dan **Wat om te sê**.

2. Wanneer jy "Sê 'n bevel" gevolg deur 'n toon hoor, sê 'n bevel van jou keuse. Byvoorbeeld, jy kan sê "Ry huis toe". Jou toestel is slegs gereed om te luister nadat jy die toon gehoor het.

Terwyl jy praat, wys die mikrofoonmonitor hoe goed die toestel jou stem kan hoor:



'n Groen balk beteken die toestel kan jou stem hoor.

'n Rooi balk beteken jou stem is té hard vir die toestel om individuele woorde te herken.

'n Grys balk beteken jou stem is té sag vir die toestel om individuele woorde te herken.

Vir sommige frases herhaal jou toestel wat jy gesê het en vra vir bevestiging.

Wenk: Vir die beste herkenning van wat jy sê, praat normaalweg sonder om te probeer om woorde op 'n onnatuurlike manier te artikuleer. As daar, byvoorbeeld, oormatige padgeraas is, mag dit nodig wees om in die rigting van die mikrofoon te praat.

3. As die bevel korrek is, sê 'Ja'.

As die bevel verkeerd is, sê "Nee" en herhaal die bevel nadat jy weer eens die por en toon gehoor het.

Jou toestel beplan 'n roete vanaf jou huidige ligging na jou bestemming.

Wenk: Om te verhoed dat jou toestel na verdere bevele luister, sê "Kanselleer". Om een stap terug te gaan, sê "Terug".

Beplan 'n reis deur jou stem te gebruik

Belangrik: In die belang van veiligheid, en om nie jou aandag af te trek terwyl jy bestuur nie, moet jy altyd 'n roete beplan vóór jy begin ry.

Let wel: Dit is nie moontlik om 'n roete met behulp van jou stem vir alle kaarte in alle lande of in alle tale te beplan nie.

Om via stem 'n roete na 'n adres te beplan, doen die volgende:


1. Tik die stembeheer-knoppie in die ritaansig.



2. Wanneer jy die toon hoor, sê "Navigeer na adres" of "Ry na adres".

Wenk: Die knoppie in die hoofkieslys van jou toestel wys óf **Navigeer na** óf **Ry na**. Wanneer jy 'n roete na 'n adres beplan deur spraak te gebruik, sê 'Navigeer na adres' as die knoppie **Navigeer na** wys of 'Ry na adres' as die knoppie **Ry na** wys.

3. Sê die naam van die dorp.



Jou toestel wys 'n lys van dorpe wat dieselfde behoort te klink as wat jy gesê het en sê aan jou watter dorp boaan die lys is.

As die dorp wat jy hoor dieselfde is as die dorp waarvoor jy gevra het, sê "Klaar" of "OK" of "Ja" of "Een" of tik die dorp boaan die lys.

As jy dorp wat jy hoor, verkeerd is maar die korrekte dorp is wel in die lys, sê die nommer langs die korrekte dorp of tik op die naam van die dorp.

Byvoorbeeld, as die korrekte stad Rotterdam is en hierdie dorp word as die derde item in die lys vertoon, sê "Drie" of tik op die naam, **Rotterdam**.

As die naam nie in die lys is nie, sê dan "Terug" of "Nee" of tik **Terug** om terug te gaan na die vorige skerm en sê weer die dorp se naam wanneer jy die toon hoor.

4. Sê die straatnaam.

Jou toestel wys 'n lys van straatname wat dieselfde behoort te klink as wat jy gesê het en sê aan jou watter straatnaam boaan die lys is.

As die straatnaam wat jy hoor dieselfde is as die straatnaam waarvoor jy gevra het, sê "Klaar" of "OK" of "Ja" of "Een" of tik op die straatnaam boaan die lys.

Wenk: Sommige liggings het dalk dieselfde naam, soos 'n pad wat deur veelvoudige pos-kodes loop. Wanneer dit gebeur, moet jy na die skerm kyk en op die regte ligging tik.

As die straatnaam wat jy hoor, verkeerd is maar die korrekte straatnaam is wel in die lys, sê die nommer langs die korrekte straatnaam of tik op die straatnaam in die lys.

As die straatnaam nie in die lys is nie, sê "Terug" of "Nee" of tik **Terug** om terug te gaan na die vorige skerm en sê dan weer die straatnaam wanneer jy die toon hoor.

5. Sê die huisnommer.

Belangrik: Nommers moet in dieselfde taal gesê word as wat vir die knoppies en kieslyste op jou toestel gebruik word.

Nommers moet op dieselfde manier uitgespreek word as wat mens normaalweg 'n nommer sê, in een aaneenlopende sin. Dus word 357 uitgespreek as, "Driehonderd-sewe-en-vyftig".

As die nommer korrek vertoon word, sê dan "Klaar" of "OK" of tik die sleutelbord om die nommer in te voer.

As die nommer verkeerd vertoon word, sê dan "Terug" of "Nee" of gebruik terugspasieer en herhaal die nommer.

Wenk: As jy "Terug" sê wanneer daar geen nommers op die skerm is nie, sal jou toestel teruggaan na die vorige skerm.

Wanneer die nommer korrek vertoon word, sê "Klaar" of "OK". As 'n alternatief, voer die nommer in deur die skerm te tik.

6. Wanneer die roete bereken is en die roete-opsomming vertoon word, tik **Klaar**.

Jou toestel begin dan om jou via gesproke instruksies en aanwysings op die skerm na jou bestemming te begelei.

Voer adresse in deur jou stem te gebruik

Belangrik: In die belang van veiligheid, en om nie jou aandag af te trek terwyl jy bestuur nie, moet jy altyd 'n roete beplan vóór jy begin ry.

Selfs al gebruik jy nie stembeheer om 'n reis te begin beplan nie, kan jy steeds jou stem gebruik om die adres in te voer.

Om te begin om die reis te beplan, tik **Navigeer na** of **Ry na** in die hoofkieslys; tik dan **Adres**.

Om die bestemming in te voer deur jou stem te gebruik, tik een van die volgende knoppies:



Gesproke adres

Tik hierdie knoppie om 'n adres in te voer deur slegs spraak te gebruik.

Gesproke adres help jou om inligting in te voer sonder om op die skerm te tik.

Hierdie opsie herken die volgende gesproke terme:

- Bevele: Ja, Nee, Terug, Klaar, OK, Oorgang.
 - Straatname.
 - Stede en dorpe en hul kerns
 - Gunsteling en PVB's
 - Beplan alternatiewe roete, Herbereken oorspronklike, Vermy pad-blokkade, Verkort veragings, Wis roete, Reis via... en Onlangse bestemming.
-



Tik hierdie knoppie onderaan die sleutelbord om spraak te gebruik om 'n adres in te voer. Wanneer die knoppie grys vertoon, kan jy nie spraak gebruik om 'n adres in te voer nie.

Hierdie knoppie is beskikbaar vir die volgende tipes bestemmings:

- **Miiddestad** - om die kern van 'n stad of dorp te kies.
 - **Straat- en huisnommer** - om 'n adres te kies.
 - **Oorgang of kruising** - om die punt te kies waar twee strate ontmoet.
-

Wenke

Jou toestel herken plekke en straatname wanneer hulle in die plaaslike taal gesê word deur die plaaslike uitspraak te gebruik.

Dit is nie moontlik om 'n gesproke adres vir poskode in te voer nie want hierdie moet via die sleutelbord ingetik word.

Invoer van gesproke adresse is nie vir alle kaarte in alle lande beskikbaar nie.

Die Ritaansig

Meer oor die ritaansig

Wanneer jy jou TomTom-navigasietoestel die eerste keer aanskakel, sal jy die ritaansig tesame met gedetailleerde inligting oor jou huidige posisie sien.

Tik in die middel van die skerm om te eniger tyd die hoofkieslys oop te maak.

Jy kan kies watter skerm vertoon moet word wanneer jy jou toestel aanskakel deur **Instellings** in die hoofkieslys en dan **Begin** te tik.

Die Ritaansig



1. Zoemknoppie - tik die vergrootglas om die "Zoem in"- en "Zoem uit"-knoppies te vertoon.
2. kitskieslys - om die kitskieslys te aktiveer, tik **Maak jou eie kieslys** (bladsy 58) in die instellingskieslys. As daar net een of twee knoppies in jou kieslys is, word beide knoppies in die ritaansig gewys.
3. Jou huidige ligging.
4. Padtekeninligting of die volgende straatnaam.

5. Verkeerkantbalk. Tik die kantbalk om details van verkeersinsidente op jou roete te sien.
Die verkeerkantbalk word slegs vertoon as jou toestel óf op Traffic ingeteken is óf aan 'n RDS-TMC-ontvanger gekoppel is. Verkeersinligting is nie in alle lande of streke beskikbaar nie.
6. Batteryvlak-aanwyser.
7. Mikrofoonknoppie vir stembeheer.

Let wel: Stembeheer werk nie op alle toestelle en in alle tale nie.

8. Die tyd, jou huidige spoed en die spoedgrens, indien bekend. Om die verskil tussen jou voorkeur-aankomstyd en jou beraamde aankomstyd te sien, merk die Speling-merkblokkie in die statusbalkinstellings.
Tik hierdie deel van die statusbalk om tussen 'n 3D-kaart en 'n 2D-kaart te wissel.
9. Die naam van die straat waarin jy is.
10. Navigasie-instruksie vir die pad vorentoe en die afstand na die volgende instruksie. As die tweede instruksie minder as 150 m ná die eerste instruksie volg, sien jy - in stede van die afstand - daardie instruksie onmiddellik.
Tik hierdie deel van die statusbalk om die laaste steminstruksie te herhaal of die volume te verander. Jy kan ook hier tik om die klank te demp.
11. Die oorblywende reistyd, die oorblywende afstand en jou beraamde aankomstyd.
Tik hierdie deel van die statusbalk om die roete-opsommingskerm oop te maak.

Om die inligting te verander wat in die statusbalk vertoon word, tik Statusbalk in die instellingskieslys.

Ritaansigsimbole



Klank gedemp - hierdie simbool word vertoon wanneer die klank gedemp is. Om die klank weer aan te skakel, tik die middelste paneel in die statusbalk.



Battery - hierdie simbool word vertoon wanneer die batteryvlak laag is. Wanneer jy hierdie simbool sien, moet jy jou navigasietoestel onmiddellik laai.



Verbind met rekenaar - hierdie simbool word vertoon wanneer jou navigasietoestel met jou rekenaar verbind is.



Selfoon nie gekoppel nie - hierdie simbool word vertoon wanneer die gekose selfoon nie aan jou toestel gekoppel is nie. Jy moes reeds 'n verbinding met hierdie foon opgestel het.



LIVE-dienste af - hierdie simbool word vertoon wanneer die dataverbinding verbreek is.

Meer oor herbeplanning van instellings

JouTomTom-toestel help jou om jou bestemming so vinnig as moontlik te bereik deur aan jou 'n vinniger roete te wys wanneer een beskikbaar is.

Om die manier waarop jy oor alternatiewe roetes gevra word, te verander, tik **Instellings** en dan **Roetebeplanning**. Tik **Volgende** totdat jy by **Herbeplanninginstellings** uitkom.

Let wel: Hierdie instelling is slegs beskikbaar as jou toestel óf 'n verkeerintekening óf 'n RDS-TMC-ontvanger het. Verkeersinligting is nie in alle lande of streke beskikbaar nie. Vir meer inligting oor TomTom se verkeersinligtingsdienste gaan na tomtom.com/services.

Stel of jy wil hê dat jou TomTom-toestel die huidige roete moet herbeplan indien 'n vinniger roete gevind word onderwyl jy bestuur. Dit is handig indien verkeer verder aan op jou roete opbou of afneem. Kies uit die volgende instellings:

- **Verwissel altyd na daardie roete** - kies hierdie opsie om geen boodskap te ontvang wanneer 'n vinniger roete gevind word nie. Die huidige roete word outomaties herbereken sodat dit die vinnigste een is.
- **Vra my of ek daardie roete wil hê** - kies hierdie opsie om gevra te word of jy die nuwe roete wil volg. Wanneer jy gevra word of jy die alternatiewe roete wil volg, tik **Ja** sodat die huidige roete as die vinnigste een herbereken word. Tik **Nee** as jy nie die alternatiewe roete wil volg nie. As jy van besluit verander, tik die ballon regs boaan die skerm om die alternatiewe roete te neem.

Tik **Info** om 'n opsomming van beide die oorspronklike en alternatiewe roete te sien. Jy kan dan **Klaar** tik om die vinnigste roete te neem of **Huidige roete** om op jou oorspronklike roete te bly.

- **Moenie vra nie; wys my net** - kies hierdie opsie om geen boodskap te ontvang nie en bloot die nuwe roete op die skerm te sien. Jy kan dan op die ballon tik as jy besluit jy wil die alternatiewe roete gebruik.

Gevorderde baanleiding

Meer oor baanleiding

Let wel: Baanleiding is nie vir alle kruisings of in alle lande beskikbaar nie.

Jou TomTom-navigasietoestel help jou om vir snelwegafritte en kruisings voor te berei deur die korrekte rybaan vir jou beplande roete te wys.

Wanneer jy 'n afrit of kruising nader, word die baan waarin jy moet wees op die skerm vertoon.

Gebruik baanleiding

Daar is twee tipes baanleiding:

- Baanprente



Om die baanprente af te skakel, tik **Instellings** in die hoofkieslys; tik dan **Gevorderde instellings**. Maak die merkblokkie vir **Wys baanprente** skoon.

Wenk: Tik enige plek op die skerm om terug te keer na die ritaansig.

- Instruksies in die statusbalk



Wenk: As geen baanleiding in die statusbalk gewys word nie en alle lane uitgelig is, kan jy enige baan gebruik.

Verander jou roete

Maak veranderinge aan jou roete

Nadat jy 'n roete beplan het, wil jy dalk die roete of selfs die bestemming verander. Daar is verskeie maniere waarvolgens jy jou roete kan verander sonder dat dit nodig is om die hele reis te herbeplan.

Om die huidige roete te verander, tik **Verander roete** in die hoofkieslys:



Verander roete

Tik hierdie knoppie om die huidige roete te verander.

Hierdie knoppie wys net terwyl daar 'n beplande roete op jou toestel is.

Verander-roete-kieslys

Om jou huidige roete of jou bestemming te verander, tik een van die volgende knoppies:



Bereken alternatief

Tik hierdie knoppie om 'n alternatief tot die huidige roete te vind.

Hierdie knoppie wys net terwyl daar 'n beplande roete op jou TomTom-toestel is.

Dit is 'n eenvoudige manier om na 'n ander roete na jou huidige bestemming te soek.

Jou toestel bereken 'n nuwe roete vanaf jou huidige ligging om jou bestemming via heel ander paaie te bereik.

Die nuwe roete word langs die oorspronklike roete gewys sodat jy die roete kan kies wat jy wil gebruik.



Vermyn padblokkade

Tik hierdie knoppie terwyl jy langs 'n beplande roete ry om 'n padblokkade of verkeersopeenhoping op die pad vorentoe te vermyn.

Jou toestel sal 'n nuwe roete voorstel wat die paaie op jou huidige roete vir die geselekteerde afstand vermyn.

As die padblokkade of verkeersopeenhoping skielik opklaar, tik **Herbereken roete** om jou oorspronklike roete te herbeplan.

Belangrik: Wees bewus daarvan dat wanneer 'n nuwe roete bereken is, jy dadelik gevra kan word om van die huidige pad af te draai.



Verkort verdragings

Tik hierdie knoppie om verkeersverdragings op 'n beplande roete te vermyn.

Dit is nie altyd moontlik om alle verkeersverdragings te vermyn nie.

Alhoewel jou toestel voortdurend vir verdragings op jou roete kontroleer, kan jy hierdie knoppie tik om 'n handmatige kontrole te begin. Jou toestel bereken dan die beste roete om alle of die meeste verdragings te vermyn.

Let wel: Hierdie knoppies word slegs gewys indien jou toestel óf 'n

verkeerintekening óf 'n RDS-TMC-ontvanger het. Verkeersinligting is nie in alle lande of streke beskikbaar nie. Vir meer inligting oor TomTom se verkeersinligtingsdienste gaan na tomtom.com/services.



Verander bestemming

Tik hierdie knoppie om die huidige bestemming te verander.

Wanneer jy die bestemming verander, word jy dieselfde opsies gewys en gevra om die nuwe adres in te voer op dieselfde manier as wanneer jy 'n nuwe roete beplan.



Vermyn deel van roete

Tik hierdie knoppie om 'n deel van die huidige roete te vermy.

Jy word 'n lys van die straatname op jou roete gewys. Wanneer jy op een van die straatname tik, bereken jou toestel 'n om-pad om die gekose straat te vermy. Die roete-opsomming wys beide die nuwe roete en jou oorspronklike roete. Tik die paneel aan die regterkant om een van die roetes te kies en tik dan **Klaar**.

As jy nie een van die roetes wil gebruik wat in die roete-opsomming gewys word nie, tik **Verander roete** om 'n ander manier te vind om jou roete te verander.



Reis via...

Tik hierdie knoppie om jou roete te verander deur 'n ligging te kies waarlangs jy wil ry, dalk om iemand onderweg te ontmoet.

Wanneer jy ligging kies waarlangs jy wil ry, sien jy dieselfde opsies en word gevra om die nuwe adres in te voer op dieselfde manier as wanneer jy 'n nuwe roete beplan.

Jou toestel bereken die roete na jou bestemming via die geselekteerde ligging.

Die geselekteerde ligging word op die kaart gewys deur 'n merker te gebruik.

Jy ontvang 'n waarskuwing wanneer jy jou bestemming bereik en wanneer jy verby 'n gemerkte ligging ry.

Meer oor punte

Let wel: Hierdie funksie is nie op alle TomTom-navigasietoestelle beskikbaar nie.

Jy kan 'n punt om enige van die volgende redes kies:

- Jy wil op pad na jou bestemming langs 'n sekere pad of deur 'n sekere area ry.
- Jy wil by sekere stilhouplekke aandoen voordat jy jou bestemming bereik.

Jou roete kan die volgende tipes punte insluit:

- Punte met kennisgewing - 'n punt waar jy waarskynlik sal wil stilhou en uitklim, byvoorbeeld, 'n PBV, 'n vulstasie of 'n vriend se huis. Jy word met steminstruksies of 'n boodskap verwittig wanneer jy die punt nader en daar gearriveer het.
- Punte sonder kennisgewing - 'n punt wat jy gebruik om te help om jou roete te rig, byvoorbeeld, jy wil vanaf Amsterdam na Rotterdam reis deur 'n sekere grootpad te gebruik. Jy word verwittig wanneer jy die punt nader.

Voeg die eerste punt by jou roete

Om die eerste punt by jou roete te voeg, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys oop te maak.
2. Tik **Verander roete**.
3. Tik **Reis via**.

Wenk: Jy kan ook **Bekyk kaart** en dan **Reis via** in die porkieslys tik. As jou toestel met stem-beheer werk, kan jy ook gesproke bevele gee om 'n punt by te voeg.

4. Kies die ligging vir jou punt langs die pad uit 'n keuse van Huis, Gunsteling, Adres, Onlangse bestemming, PVB, punt op kaart, lengtegraad//breedtegraad of posisie van laaste stilhouplek, of jy kan 'n soektog uitvoer.

Op die roete-opsomming-skerm bevestig 'n boodskap dat die roete tans herbeplan word om die punt in te sluit. In die "Verander roete"-kieslys verander die "Reis via"-knoppie om te wys dat jy nou een punt op jou huidige roete het.

Let wel: Alle punte word aanvanklik as punte met kennisgewing bygevoeg. Die maksimum aantal punte wat jy kan byvoeg, is drie.

Voeg verdere punte by jou roete

Om meer punte by jou roete te voeg nadat die eerste een bygevoeg is, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys oop te maak.
2. Tik **Verander roete**.
3. Tik **Reis via**.

Wenk: }As jou toestel met stembeheer werk, kan jy ook gesproke bevele gee om punte by te voeg.

4. Tik **Voeg by**.
5. Kies die ligging vir jou punt langs die pad uit 'n keuse van Huis, Gunsteling, Adres, Onlangse bestemming, PVB, punt op kaart, lengtegraad//breedtegraad of posisie van laaste stilhouplek, of jy kan 'n soektog uitvoer.

'n Boodskap sê aan jou waar in die lys van punte die nuwe een ingevoeg is.

6. Tik **Klaar**.

Op die roete-opsomming skerm bevestig 'n boodskap dat die roete tans herbeplan word om jou punte in te sluit.

7. Herhaal om meer punte by te voeg.

Op die "Verander roete"-kieslys wys die "Reis via"-knoppie dat jy nou verskeie punte op jou huidige roete het.

Let wel: Alle punte word aanvanklik as punte met kennisgewing bygevoeg.

Verander die volgorde van punte

Punte word outomaties in 'n geoptimeerde volgorde bygevoeg maar jy kan steeds die volgorde handmatig verander indien nodig. Om die volgorde van punte te verander, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys oop te maak.
2. Tik **Verander roete**.

3. Tik **Reis via**.

Jy sien 'n lys van jou punte.

4. Tik op die punt wat jy op of af wil skuif.

Jy sien 'n skerm met die naam van jou punt boaan.

5. Tik **Skuif op** of **Skuif af**.

Jou punt verander sy posisie in die lys en jy keer dadelik terug na jou lys van punte.

Wenk: Jy kan nie 'n punt wat nog nie besoek is, intrek in 'n lys van punte wat reeds besoek is nie.

Skrap 'n punt

Om 'n punt te skrap, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys te vertoon.

2. Tik **Verander roete**.

3. Tik **Reis via**.

Jy sien 'n lys van jou punte.

4. Tik die punt wat jy wil skrap.

Jy sien 'n skerm met die naam van jou punt boaan.

5. Tik **Skrap**.

Jou punt word geskrap en jy keer dadelik terug na jou lys van punte.

Verander kennisgewinginstellings vir 'n punt

As kennisgewing vir 'n punt aangeskakel is, sien jy 'n ikoon daar langs in jou lys van punte. Om kennisgewing vir 'n punt aan of af te skakel, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys oop te maak.

2. Tik **Verander roete**.

3. Tik **Reis via**.

Jy sien 'n lys van jou punte.

4. Tik op die punt waarvoor jy die kennisgewinginstelling wil verander.

Jy sien 'n skerm met die naam van jou punt boaan.

5. Tik **Skakel kennisgewing aan/af**.

Die kennisgewinginstelling vir jou punt verander en jy keer dadelik terug na jou lys van punte.

Wenk: As 'n punt reeds besoek is, kan jy nie die kennisgewing aan of skakel nie.

Heraktiveer 'n punt

Let wel: Jy kan net 'n punt wat reeds besoek is, heraktiveer. Punte wat reeds besoek is, word verdof.

Om 'n punt te heraktiveer, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys oop te maak.

2. Tik **Verander roete**.

3. Tik **Reis via**.

Jy sien 'n lys van jou punte.

4. Tik op die punt wat reeds besoek is en wat jy nou wil heraktiveer.

Jy sien 'n skerm met die naam van jou punt boaan.

5. Tik **Heraktiveer**.

Die punt word geskrap en ingevoeg by die lys van punte wat nog nie besoek is nie.

Bekyk kaart

Meer oor bekyk van 'n kaart


Jy kan jy die kaart op dieselfde manier bekyk as waarop jy 'n tradisionele gedrukte kaart sou bekyk. Die kaart wys jou huidige ligging en baie ander liggings soos gunsteling en PVB's.

Om die kaart op hierdie manier te bekyk, tik **Bekyk kaart** of **Bekyk roete** in die hoofkieslys.

Jy bekyk verskillende liggings op die kaart deur die kaart heen en weer oor die skerm te beweeg. Om die kaart te beweeg, raak aan die skerm en sleep jou vinger oor die skerm. As jou toestel met gebare werk, kan jy ook in en uit zoem deur met jou duim en wysvinger aan die skerm te raak en hulle in en uit te laat gly.

Om 'n ligging op die kaart te kies, tik die ligging op die kaart. Die por lig die ligging uit en vertoon handige inligting oor die ligging in 'n inligtingspaneel. Tik die inligtingspaneel om 'n gunsteling te skep of om 'n roete na daardie ligging te beplan.

Bekyk kaart



1. Die skaalbalk

2. Verkeer - heersende verkeersinsidente. Kies die opsiesknoppie om te kies of verkeerinligting op die kaart vertoon moet word. Wanneer verkeerinligting op die kaart vertoon word, word PVB's en gunsteling nie vertoon nie.

Let wel: Om TomTom se verkeersinligtingsdienste te gebruik, mag jy dalk 'n intekening of 'n ontvanger nodig hê. Verkeersdienste werk nie in alle lande of streke nie. Vir meer inligting besoek tomtom.com/services.

3. Merker

Die merker wys die afstand na 'n ligging. Merkers gebruik die volgende kleure:

- Blou - wys na jou huidige ligging. Hierdie merker is grys wanneer jou GPS-sein verbreek is.
- Geel - wys na jou huisligging.
- Rooi - wys na jou bestemming.

Tik 'n merker om die kaart te sentreer op die ligging waarna die merker wys.

Jy kan ook jou eie merker instel. Tik die porknoppie; tik dan **Stel merkerposisie** om 'n groen merker by die porposisie te plaas.

Om merkers af te skakel, tik **Opsies**, dan **Gevorderd** en maak die **Merkers**-merkblokkie skoon.

4. Opsiesknoppie

5. Die por met straatnaam-ballon

Tik die knoppie in die straatnaamballon om die porkieslys oop te maak. Jy kan na die porposisie navigeer, 'n gunsteling van die porposisie maak of 'n plek van belang naby die porposisie vind.

6. Die vind-knoppie

Tik hierdie knoppie om spesifieke adresse, gunsteling of plekke van belang te vind.

7. Die zoembalk

Zoem in en uit deur die glyknoppie te beweeg.

Opsies

Tik die **Opsies**-knoppie om die inligting in te stel wat op die kaart vertoon word en wys die volgende inligting:

- **Verkeer** - kies hierdie opsie om verkeerinligting op die kaart te vertoon. Wanneer verkeerinligting vertoon word, word PVB's en gunsteling nie vertoon nie.

Let wel: Om TomTom se verkeersinligtingsdienste te gebruik, mag jy dalk 'n intekening of 'n ontvanger nodig hê. Verkeersdienste werk nie in alle lande of streke nie. Vir meer inligting besoek tomtom.com/services.

- **Name** - kies hierdie opsie om strate en stede se name op die kaart te vertoon.
- **Plekke van belang** - kies hierdie opsie om PVB's op die kaart te vertoon. Tik **Kies PVB** om te kies watter PVB-kategorieë op die kaart gewys word.
- **Beelde** - kies hierdie opsie om satellietbeelde te vertoon van die area wat bekyk word. Satellietbeelde is nie vir elke kaart of elke ligging op die kaart beskikbaar nie.
- **Gunsteling** - kies hierdie opsie om jou gunsteling op die kaart te vertoon.

Tik **Gevorderd** om die volgende inligting te wys of te verberg:

- **Merkers** - kies hierdie opsie om merkers te aktiveer. Merkers wys na jou huidige ligging (blou), jou huisligging (oranje) en jou bestemming (rooi). Die merker wys die afstand na die ligging. Tik op 'n merker om die kaart te sentreer op die ligging waarheen daardie merker wys.

Om jou eie merker te skep, tik die porknoppie. Tik dan **Stel merkerposisie** om 'n groen merker by die porposisie te plaas.

Om merkers te deaktiveer, tik **Opsies**; tik dan **Gevorderd** en maak die **Merkers**-merkblokkie skoon.

- **Koördinate** - kies hierdie opsie om GPS-koördinate in die onderste linkerhandse hoek van die kaart te vertoon.

Porkieslys

Die por kan gebruik word om meer te doen as om bloot 'n ligging op die kaart uit te lig.

Posisioneer die por op 'n ligging op die kaart. Tik vervolgens die pyltjie en tik dan een van die volgende knoppies:



Tik hierdie knoppie om 'n roete te beplan na die porposisie op die kaart.

Navigeer daarheen



Tik hierdie knoppie om inligting oor die ligging, soos die adres, op die kaart te bekijk.

Bekyk ligging



Tik hierdie knoppe om jou eie groen merker te skep en dit by die porposisie te plaas.

As 'n groen merker reeds bestaan, verander hierdie knoppie na **Skrap merker**.

Stel merkerposisie



Tik hierdie knoppie om 'n PVB naby die porposisie op die kaart te vind. Byvoorbeeld, as die por tans 'n restaurantligging op die kaart uitlig, kan jy vir parkering in die omstreke soek.

Vind PVB daar naby



Tik hierdie knoppie om 'n kaartkorrigering vir die porposisie op die kaart aan te bring.

Jy kan die korrigering net op jou eie kaart aanbring of jy kan die korrigering met die TomTom Map Share-gemeenskap deel.

Korrigeer ligging



Tik hierdie knoppie om 'n gunsteling by die porposisie op die kaart te skep.

Voeg by as gunsteling



Tik hierdie knoppie om 'n PVB by die porposisie op die kaart te skep.

Voeg by as PVB



Reis via...

Tik hierdie knoppie om via die porposisie op die kaart as deel van jou huidige roete te reis. Jou bestemming bly dieselfde as voorheen, maar jou roete sluit nou hierdie ligging in.

Hierdie knoppie is net beskikbaar mits 'n beplande roete bestaan.



Tik hierdie knoppie om die kaart op die porposisie te sentreer.

Sentreer op kaart



Skakel...

Let wel: Handvry-bellery werk nie vir alle toestelle nie.

Tik hierdie knoppie om die ligging by die por se posisie te skakel.

Hierdie knoppie is net beskikbaar as jou TomTom-toestel oor die ligging se nommer beskik.

Die telefoonnommers van baie PVB's is beskikbaar op jou TomTom-toestel.

Jy kan ook die telefoonnommers van jou eie PVB's skakel.

Kaartkorrigerings

Meer oor Map Share

Map Share help jou om kaartfoute te korrigeer. Jy kan verskeie tipes kaartfoute korrigeer.

Om korrigerings aan jou eie kaart aan te bring, tik **Kaartkorrigerings** in die instellingskieslys.

Let wel: Map Share is nie in alle streke beskikbaar nie. Vir meer inligting, gaan na tomtom.com/mapshare.

Korrigeer 'n kaartfout

Belangrik: Om veiligheidsredes, moenie die volle besonderhede van 'n kaartkorrigerings invoer terwyl jy bestuur nie. Merk eerder die ligging van die kaartfout en voer die besonderhede later in.

Om 'n kaartfout te korrigeer, doen die volgende:

1. Tik **Kaartkorrigerings** in die instellingskieslys.



2. Tik **Korrigeer 'n kaartfout**.
3. Kies die tipe kaartkorrigerings wat jy wil toepas.
4. Kies hoe jy die ligging wil kies.
5. Kies die ligging. Tik dan **Klaar**.
6. Tik die details van die korrigerings in. Tik dan **Klaar**.
7. Kies of die korrigerings tydelik of permanent is.
8. Tik **Gaan voort**.

Die korrigerings word gestoor

Tipes kaartkorrigerings

Om 'n korrigerings aan jou kaart aan te bring, tik **Kaartkorrigerings** in die instellingskieslys en tik dan **Korrigeer 'n kaartfout**. Verskillende tipes kaartkorrigerings is beskikbaar.



**(Ont)blokkeer
straat**

Tik dié knoppie om 'n straat te blokkeer of te ontblokkeer. Jy kan die straat in een of albei rigtings blokkeer of ontblokkeer.

Om byvoorbeeld 'n straat naby jou huidige ligging te korrigeer, doen die volgende:

1. Tik **(Ont)blokkeer straat**.
2. Tik **Naby jou** om 'n straat naby jou huidige ligging te kies. So nie, kan jy 'n straat volgens naam, 'n straat naby jou huisligging of 'n straat op

die kaart kies.

3. Kies die straat of gedeelte van 'n straat wat jy wil korreger deur op die kaart te tik.

Die straat wat jy kies, word uitgelig en die pot wys die naam van die straat.

4. Tik **Klaar**.

Jou toestel wys die straat en of die verkeer in albei rigtings geblokkeer of toegelaat word.



5. Tik een van die rigtingknoppies om die verkeersvloei in daardie rigting te blokkeer of te ontblokkeer.

6. Tik **Klaar**.



**Keer verkeers-
rigting om**

Tik hierdie knoppie om die verkeersrigting van 'n eenrigtingstraat te korreger, waar die verkeersrigting anders is as wat op jou kaart vertoon word.

Let wel: Keer verkeersrigting om werk net vir eenrigtingstrate. As jy 'n tweerigtingstraat kies, sal jy die geleentheid gebied word om die straat te blokkeer/ontblokkeer eerder as om die rigting te verander.



**Redigeer
straatnaam**

Tik hierdie knoppie om die naam van 'n straat op jou kaart te verander. Byvoorbeeld, om 'n straat naby jou huidige ligging te hernoem:

1. Tik **Redigeer straatnaam**.
2. Tik **Naby jou**.
3. Kies die straat of gedeelte van 'n straat wat jy wil korreger deur op die kaart te tik.

Die straat wat jy kies, word uitgelig en die pot wys die naam van die straat.

4. Tik **Klaar**.

Wenk: As daar fout met die uitgeligte gedeelte is, tik **Redigeer** om individuele padgedeeltes te verander.

5. Tik die korrekte straatnaam in.
 6. Tik **Gaan voort**.
-



Verander draai- beperkings

Tik hierdie knoppie om foutiewe draaibeperkings op paaie te verander en te rapporteer.



Verander padsnel- heid

Tik hierdie knoppie om paaie se spoedgrense te verander en te rapporteer.



Verwyder of voeg verkeersirkel by

Tik hierdie knoppie om 'n verkeersirkel by te voeg of te verwyder.



Voeg ontbrekende PVB by

Tik hierdie knoppie om 'n nuwe plek van belang (PVB) by te voeg.

Byvoorbeeld, om 'n nuwe restaurant naby jou huidige ligging by te voeg:

1. Tik **Voeg ontbrekende PVB by**.
2. Tik **Restaurant** in die lys van PVB-kategorieë.
3. Tik **Naby jou**.

Jy kan die ligging kies deur die adres in te voer of deur die ligging op die kaart te kies. Kies **Naby jou** of **Naby die huis** om die kaart by jou huidige ligging of by jou huisligging oop te maak

4. Kies die ligging van die ontbrekende restaurant.
5. Tik **Klaar**.
6. Tik die naam van die restaurant en tik dan **Volgende**.
7. As jy die restaurant se telefoonnommer ken, kan jy dit intik en dan **Volgende** tik.

As jy nie die nommer ken nie, tik bloot **Volgende** sonder om 'n nommer in te tik.

1. Tik **Gaan voort**.



Redigeer PVB

Tik hierdie knoppie om 'n bestaande PVB te redigeer.

Jy kan hierdie knoppie gebruik om die volgende veranderings aan 'n PVB aan te bring:

- Skrap die PVB.
- Hernoem die PVB.
- Verander die telefoonnommer van die PVB.
- Verander die kategorie waaronder 'n PVB ressorteer.
- Verskuif die PVB op die kaart.



Opmerking oor PVB

Tik hierdie knoppie om 'n opmerking oor 'n PVB in te voer. Gebruik hierdie knoppie as jy nie die probleem met die PVB kan redigeer deur die **Redigeer PVB**-knoppie te gebruik nie.



Korrigeer huisnommer

Tik hierdie knoppie om die ligging van 'n huisnommer te korrigeer. Voer die adres in wat jy wil korrigeer en dui dan op die kaart die korrekte ligging van daardie huisnommer aan.



Bestaande straat

Tik hierdie knoppie om 'n bestaande straat te redigeer. Wanneer jy die straat gekies het, kan jy kies watter fout om te rapporteer. Jy kan meer as een tipe fout vir 'n straat kies.



Ontbrekende straat

Tik hierdie knoppie om 'n ontbrekende straat te rapporteer. Jy moet die begin- en eindpunt van die ontbrekende straat kies.



Stad

Tik hierdie knoppie om 'n fout oor 'n stad, dorp of dorpie te rapporteer. Jy kan die volgende tipes foute rapporteer:

- Stad ontbreek
- Verkeerde stadnaam
- Alternatiewe stadnaam
- Ander



Oprit/afrit na snelweg

Tik hierdie knoppie om 'n fout oor 'n snelweg se op- of afrit te rapporteer.



Poskode

Tik hierdie knoppie om 'n fout met 'n poskode te rapporteer.



Ander

Tik hierdie knoppie om korrigerings van 'n ander aard te rapporteer. Hierdie korrigerings word nie dadelik op jou kaart toegepas nie maar word in 'n spesiale verslag gestoor.

Jy kan rapporteer dat strate en verkeersirkels ontbreek of dat op/afritte tot snelweë foutief is. As die korrigerings wat jy wil rapporteer nie deur enige van hierdie tipes verslae gedek word nie, voer 'n algemene beskrywing in en tik dan **Ander**.

Klanke en stemme

Meer oor klanke en stemme

Jou TomTom-toestel gebruik klank vir sommige of almal van die volgende:

- Bestuursaanwysings en ander roete-instruksies
- Verkeer-info

Let wel: Om TomTom se verkeersinligtingsdienste te gebruik, mag jy dalk 'n intekening of 'n ontvanger nodig hê. Verkeersdienste werk nie in alle lande of streke nie. Vir meer inligting besoek tomtom.com/services.

- Waarskuwings wat jy ingestel het
- Handvry-telefoonoproepe

Twee tipes stemme is beskikbaar vir jou toestel:

- Rekenaarstemme
Rekenaarstemme word deur jou toestel voortgebring. Hulle verskaf roete-instruksies en lees stad- en straatname, verkeer- en ander handige inligting hardop uit.
- Mensstemme
Hierdie stemme word deur 'n stemkunstenaar opgeneem en verskaf slegs roete-instruksies.

Meer oor rekenaarstemme

Jou TomTom-toestel gebruik teks-na-spraak-tegnologie en rekenaarstemme om die straatname op jou kaart te lees namate dit jou langs jou roete begelei.

Die rekenaarstem ontleed die hele frase of sin voordat dit praat om te verseker dat die sin so na as moontlik aan natuurlike spraak klink.

Rekenaarstemme kan die name van vreemde dorpe en straatname herken en uitspreek. Die Engelse rekenaarstem kan byvoorbeeld Franse straatname lees en uitspreek, maar die uitspraak is dalk nie heeltemal akkuraat nie.

Kies 'n stem

Om 'n ander stem op jou TomTom-toestel te kies, tik óf **Verander stem** in die **Instellings**-kieslys óf tik **Stemme**; tik dan **Verander stem** en kies die verlangde stem.

Verander die volumevlak

Jy kan die volume van jou TomTom-toestel op verskillende maniere verander.

- In die **ritaansig**.
Tik die middelste deel van die statusbalk en beweeg die glyknoppie om die volume te verstel. Die laaste roete-instruksie word gespeel sodat jy die nuwe volumevlak kan hoor.
- In die instellingskieslys.

Tik **Instellings** in die hoofkieslys; tik dan **Volume** en beweeg die glyknoppie om die volume te verstel. Tik **Toets** om na die volumevlak te luister.

Automatiese volumebeheer

Om jou TomTom-toestel te stel om die volume outomaties te verstel, doen die volgende:

1. Tik **linstellings** in die hoofkieslys.
2. Tik **Volume**.
3. Kies **Koppel volume aan motor se spoed** om die volume binne-in die motor outomaties te verstel in reaksie op die spoed waarteen jy ry.
4. Tik **Klaar**.

Instellings

Meer oor instellings

Jy kan jou TomTom-toestel se voorkoms en funksionaliteit verander. Toegang tot die meeste van die instellings op die toestel kan verkry word deur **Instellings** in die hoofkieslys te tik.

Let wel: Nie alle instellings wat hier beskryf word, is op alle toestelle beskikbaar nie.

2D/3D-instellings



2D/3D-instellings

Tik hierdie knoppie om die verstekaansig van die kaart in te stel. Om tussen 2D- en 3D-aansigte te verwissel terwyl jy bestuur, tik die linkerkant van die statusbalk in die ritaansig.

Dit is soms makliker om die kaart van bo af te bekyk, soos wanneer jy deur 'n ingewikkelde netwerk van paaie navigeer.

Die 2D-aansig wys 'n twee dimensionele aansig van die kaart asof dit van bo af bekyk word.

Die 3D-aansig wys 'n drie dimensionele aansig van die kaart asof jy deur die landskap ry.

Die volgende knoppies is beskikbaar:

- **In 2D-aansig: draai kaart in rigting van reis** - tik hierdie knoppie sodat die kaart outomaties gedraai word met die rigting waarin jy reis altyd aan die bokant.
- **Wissel na 3D-aansig wanneer roete gevolg word** - tik hierdie knoppie om die kaart outomaties in 3D-aansig te vertoon wanneer jy 'n roete volg.

Gevorderde instellings



Gevorderde instellings

Tik hierdie knoppie om die volgende gevorderde instellings te kies:

- **Wys huisnommer voor straatnaam** - wanneer hierdie instelling gekies is, word adresse met die huisnommer gevolg deur die straatnaam gewys, soos 10 Downingstraat.
- **Wys straatname** - wanneer hierdie instelling gekies is, word straatname op die kaart in die ritaansig gewys.
- **Wys volgende straatnaam** - wanneer hierdie instelling gekies is, word die naam van die volgende straat op jou roete aan die bokant in die ritaansig gewys.
- **Wys huidige straatnaam op kaart** - wanneer hierdie instelling gekies is, word die naam van die straat waarin jy tans is bo die statusbalk in die ritaansig gewys.
- **Wys liggingvoorskou** - wanneer hierdie instelling gekies is, word 'n grafiese voorskou van jou bestemming tydens roetebeplanning vertoon.

- **Aktiveer outomatiese zoem in 2D-aansig** - wanneer hierdie instelling gekies is, word die hele roete in die ritaansig gewys wanneer die kaart in 2D vertoon word.
- **Aktiveer outomatiese zoem in 3D-aansig** - wanneer hierdie instelling gekies is, sien jy 'n wyer aansig wanneer jy op snelweë of vername paaie is. Jy zoem dan outomaties in namate jy 'n kruising nader.
Wys baanprente - wanneer hierdie instelling gekies is, wys 'n grafiese aansig van die pad vorentoe watter baan jy moet neem namate jy 'n kruising of 'n snelweg se afrit nader. Jy kan kies om 'n deelskerm-baanbeeld of 'n volskerm-baanbeeld te sien, of jy kan baanprente geheel en al afskakel. Hierdie funksie is nie vir alle paaie beskikbaar nie.
- **Wys wenke** - hierdie instelling skakel wenke aan en af.
- **Verstel horlosie outomaties vir tydsone** - wanneer hierdie instelling gekies is, word jou horlosie outomaties vir jou tydsone verstel.

Battery-besparing



Battery-besparing

Om die energiebesparende instellings te verander, tik hierdie knoppie op jou toestel.

Helderheid



Helderheid

Tik hierdie knoppie om die skerm se helderheid in te stel. Beweeg die glyknoppie om die helderheidvlak te verstel.

Om die kaart en kieslyste in dag- of nagkleure te bekyk, tik **Gebruik dagkleure** of **Gebruik nagkleure** in die instellingskieslys.

Motorsimbool



Motorsimbool

Tik hierdie knoppie om die motorsimbool te kies wat jou huidige ligging in die ritaansig wys.

Horlosie



Horlosie

Tik hierdie knoppie om die tydformaat te kies. Sodra jy 'n GPS-vasstelling het, sal die tyd outomaties gestel word. As jy nie 'n GPS-vasstelling het nie, kan jy kies om die tyd handmatig te stel.

Verbindings



Verbindings

Tik hierdie knoppie om die **Verbindings**-kieslys oop te maak. Met hierdie kieslysitem kan jy jou navigasietoestel se verbindings beheer.

Aktiveer / deaktiveer Bluetooth



Aktiveer Bluetooth

Tik hierdie knoppie om Bluetooth® te aktiveer.

Let wel: Hierdie funksie is nie op alle TomTom-navigasietoestelle beskikbaar nie.



Deaktiveer Bluetooth

Tik hierdie knoppie om Bluetooth® te deaktiveer.

Let wel: Hierdie funksie is nie op alle TomTom-navigasietoestelle beskikbaar nie.

Aktiveer / deaktiveer vlugmodus



Aktiveer / deaktiveer vlugmodus

Tik hierdie knoppie om vlugmodus te aktiveer of te deaktiveer. Vlugmodus staak alle kommunikasie vanaf die toestel.

Gunsteling



Gunsteling

Tik hierdie knoppie om gunsteling by te voeg, te hernoem of te skrap.

Gunsteling is 'n maklike manier om 'n ligging te kies sonder om die adres in te tik. Hulle hoef nie werklik gunsteling-plekke te wees nie, maar kan bloot beskou word as 'n versameling nuttige adresse.

Om 'n nuwe gunsteling te skep, tik **Voeg by**. Tik dan die ligging se adres in op dieselfde manier as wanneer jy 'n adres invoer wanneer jy 'n roete beplan.



Om 'n bestaande gunsteling te bekyk of te verander, tik een van die items

in die lys. Om meer gunsteling op die kaart te sien, tik die links- of regs-knoppie.



GPS-status



GPS-status

Tik hierdie knoppie om die huidige status van GPS-ontvangs op jou toestel te sien.

Huisligging



Huisligging

Tik hierdie knoppie om jou huisligging in te stel of te wysig. Jy voer die adres in op dieselfde manier as wanneer jy 'n roete beplan.

Jou huisligging maak dit maklik om 'n roete na 'n belangrike ligging te beplan.

Vir die meeste mense sal jou huisligging jou huisadres wees. Jy kan egter dalk verkies om die ligging as 'n ander gereelde bestemming in te stel, soos jou werkplek.

Sleutelbord



Sleutelbord

Tik hierdie knoppie om die sleutelborde tot jou beskikking en die uitleg van die Latynse sleutelbord te kies.

Jy gebruik die sleutelbord om name en adresse in te tik, byvoorbeeld wanneer jy 'n roete beplan of na die naam van 'n dorp of 'n plaaslike restaurant soek.

Taal



Taal

Tik hierdie knoppie om die taal te verander wat gebruik word vir al die knoppies en boodskappe wat jy op jou toestel sien.

Jy kan uit 'n wye reeks tale kies. Wanneer jy die taal verander, word jy ook die geleentheid gebied om die stem te verander.

Maak jou eie kieslys



Maak jou eie kieslys

Tik hierdie knoppie om tot soveel as ses knoppies by jou eie verpersoonlikde kieslys te voeg.

As daar net een of twee knoppies in jou kieslys is, word beide knoppies in die ritaansig gewys.

As jy meer as drie knoppies in jou kieslys het, word 'n enkele knoppie in die ritaansig gewys wat jou kieslys oopmaak wanneer daarop getik word.

Beheer PVB's



Beheer PVB's

Tik hierdie knoppie om jou "Plek van belang (PVB)"-kategorieë en -liggings te beheer.

Jy kan jou TomTom-toestel stel om jou te verwittig wanneer jy naby geselekteerde PVB's se liggings is. Byvoorbeeld, jy kan die toestel stel om jou te verwittig wanneer jy 'n vulstasie nader.

Jy kan jou eie PVB-kategorieë skep en jou eie PVB-liggings by daardie kategorieë voeg.

Jy kan, byvoorbeeld, 'n nuwe PVB-kategorie genaamd Vriende skep. Jy kan dan al jou vriende se adresse as PVB's by hierdie nuwe kategorie voeg.

Tik die volgende knoppies om jou eie PVB's te skep en in stand te hou:

- **Voeg PVB by** - tik hierdie knoppie om 'n ligging by een van jou eie PVB-kategorieë te voeg.
- **Waarsku wanneer naby PVB** - tik hierdie knoppie om jou toestel te stel om jou te waarsku wanneer jy naby 'n geselekteerde PVB is.
- **Skrap PVB** - tik hierdie knoppie om 'n PVB te skrap.
- **Redigeer PVB** - tik hierdie knoppie om een van jou eie PVB's te redigeer.
- **Voeg PVB-kategorie by** - tik hierdie knoppie om 'n nuwe PVB-kategorie te skep.
- **Skrap PVB-kategorie** - tik hierdie knoppie om een van jou eie PVB-kategorieë te skrap.

Kaartkleure



Kaartkleure

Tik hierdie knoppie om die kleurskemas vir dag- en nagkaartkleure te kies.

Tik **Soek** om na 'n kleurskema te soek deur die naam in te tik.

Kaartkorrigerings



Kaartkorrigerings

Tik hierdie knoppie om [foute op jou kaart te korrigeer](#).

Ek en my toestel



Tik hierdie knoppie om tegniese inligting oor jou toestel te vind TomTom en te kies of jy inligting met TomTom wil deel.

'n Kieslys met die volgende opsies maak oop:

Ek en my toestel



Tik hierdie knoppie om tegniese inligting oor jou TomTom te vind, soos die toestel se reeksnommer, programweergawe en die kaartweergawe.

Meer oor my toestel



My inligting

Tik hierdie knoppie om te verander of jy inligting met TomTom wil deel of nie.

MyTomTom-rekening



My-TomTom-rekening

Tik hierdie knoppie om by jou TomTom-rekening aan te meld.

Jy kan net by een rekening op 'n keer op jou toestel aanmeld. As jy meer as een rekening het of as verskeie mense dieselfde toestel deel, kan jy na willekeur van een rekening na die ander verwissel.

Netwerk



Netwerk

Tik hierdie knoppie in die **Verbindings**-kieslys om verbindingstatusskerm oop te maak. Hierdie skerm wys jou toestel se verbindingstatus.

Hanteer linkshandig / Hanteer regshandig



Hanteer linkshandig / Hanteer regshandig

Tik hierdie knoppie om regs- of linkshandige hantering te vergemaklik. Dit sal items soos die zoembalk affekteer wanneer jy die kaart bekyk.

Fone



Fone

Tik hierdie knoppie in die **Verbindings**-kieslys om die [Foonkieslys](#) oop te maak.

Herlaai fabriek-instellings



Herlaai fabriek-instellings

Tik hierdie knoppie om tussen 'n volledige of 'n gedeeltelike fabriek-instelling te kies.

'n Algehele teruglaai sal al jou persoonlike instellings skrap en die gestandaardiseerde fabriekinstellings op jou TomTom-toestel herstel.

'n Gedeeltelike teruglaai skrap jou persoonlike instellings maar behou liggingsinligting, met in begrip van gunstelinge, onlangse bestemmings, huis- en werksliggings, PVB-kategorieë en PVB's.

Hierdie is nie 'n sagtewarebywerking nie en sal nie die weergawe beïnvloed van die sagtewareprogram wat op jou toestel geïnstalleer is nie.

Roetebeplanning



Roetebeplanning

Tik die **Roetebeplanning**-knoppie om die manier in te stel waarvolgens jou TomTom die roetes bereken wat jy beplan.

Tik die knoppie vir elke opsie om die instellings te verander.

Let wel: Hierdie instelling is slegs beskikbaar indien jy 'n TomTom-produk vir kampeerwaens of karavane gebruik.

Vir kampeerwa- en karavaanprodukte word die instelling vir [voertuig en roetes](#) in die plek hiervan aangebied.

Roetetipes

Stel die tipe roete wat jy wil hê jou TomTom moet bereken.

Tik **IQ Routes** om te stel of jy wil hê die toestel moet IQ Routes se inligting gebruik om te help om die beste roete te vind.

Instellings vir tolpaaië, veerbote, saamryklubbane en grondpaaië

Stel hoe jou TomTom elk van hierdie vier padkenmerke moet beheer wanneer die toestel 'n roete bereken.

Saamryklubbane staan soms as hoëbesettingslane bekend en word nie in alle lande aangetref nie. Om hierdie bane te gebruik, moet daar byvoorbeeld meer as een persoon in jou voertuig wees, of dit mag nodig wees dat die voertuig omgewingsvriendelike brandstof gebruik.

Roete-opsomming

Stel of jy wil hê die roete-opsommingskerm moet outomaties sluit nadat jy 'n roete beplan het. As jy **Neekies**, moet jy **Klaar** tik om die roete-opsommingskerm te sluit elke keer wanneer jy 'n roete beplan.

Veiligheid-instellings



Veiligheid-instellings

Tik hierdie knoppie om die veiligheidsfunksies te kies wat jy op jou toestel wil gebruik.

Wys PVB op kaart



Wys PVB op kaart

Tik hierdie knoppie om die tipes plekke van belang (PVB's) te kies wat jy op die kaart wil sien.

1. Tik **Wys PVB op kaart** in die instellingskieslys.
2. Kies die PVB-kategorieë wat jy wil hê op die kaart moet wys.
Tik **Soek** en gebruik die sleutelbord om 'n kategorienaam te soek.
3. Kies of jy wil hê PVB's moet in 2D- of 3D-aansig op die kaart gewys word.
4. Tik **Klaar**.

'Plek van belang'-liggings word as simbole op die kaart gewys.

Luidspreker



Luidspreker

Tik hierdie knoppie om die luidspreker of luidsprekerverbinding te kies wat deur jou toestel gebruik word.

Begin



Begin

Kies hierdie knoppie om te stel wat gebeur wanneer jou toestel begin.

Statusbalk



Statusbalk

Tik hierdie knoppie om die inligting te kies wat jy op die statusbalk wil sien:

- **Horisontaal** - wys die statusbalk aan die onderkant van die ritaansig.
- **Vertikaal** - wys die statusbalk aan die regterkant van die ritaansig.
- **Maksimum spoed**

Belangrik: Die spoedgrens word langs jou huidige spoed gewys. As jy vinniger as die spoedgrens ry, sien jy 'n waarskuwingsaanwyser in die statusbalk, byvoorbeeld die statusbalkpaneel word rooi.

Inligting oor spoedgrense is nie vir alle paaie beskikbaar nie.

- **Huidige tyd**
- **Oorblywende afstand** - die afstand na jou bestemming.

- **Speling** - jou toestel wys hoe laat of vroeg jy gaan arriveer, vergeleke met jou voorkeuraankomstyd wat jy ingestel het toe jy die roete beplan het.

Wissel kaart



Kaarte

Tik hierdie knoppie om die kaart te kies wat jy vir roetebeplanning en navigering wil gebruik.

Alhoewel jy meer as een kaart op die toestel kan stoor, kan jy net een kaart op 'n keer vir beplanning en navigering gebruik.

Om van die huidige kaart te verwissel om 'n roete in 'n ander land of streek te beplan, tik bloot hierdie knoppie.

Let wel: Wanneer jy die eerste keer na 'n kaart verwissel, mag dit nodig wees om aan jou MyTomTom-rekening te koppel om die kaart te aktiveer.

Skakel stemleiding af / Skakel stemleiding aan



Skakel stemleiding af

Tik hierdie knoppie om stemleiding af te skakel. Jy sal nie meer gesproke roete-instruksies hoor nie, maar jy sal steeds inligting oor byvoorbeeld, verkeer en waarskuwings hoor.

Stemleiding word ook afgeskakel wanneer jy **Skakel klank af** in die instellingskieslys tik.

Let wel: As jy die stem op jou toestel verander, word stemleiding outomaties vir die nuwe stem aangeskakel.



Skakel stemleiding aan

Tik hierdie knoppie om stemleiding aan te skakel en gesproke roete-instruksies te hoor.

Eenhede



Eenhede

Tik hierdie knoppie om die eenhede in te stel op jou toestel wat vir funksies soos roetebeplanning gebruik word.

Gebruik nagkleure / Gebruik dagkleure



Gebruik nagkleure

Tik hierdie knoppie om die helderheid van die skerm te verminder en die kaart in donkerder kleure te vertoon.

Wanneer jy snags bestuur of deur 'n donker tunnel ry, is dit makliker om die skerm te bekyk en minder steurend vir die bestuurder as die skerm se helderheid verdof word.

Wenk: Jou toestel kan tussen dag- en nagkleure verwissel na gelang van die tyd van die dag. Om outomaties tussen nag- en dagkleure te verwis-

sel, tik **Helderheid** in die instellingskieslys en kies **Skakel oor na nagkleure as dit donker is**.



Gebruik dagkleure

Tik hierdie knoppie om die helderheid van die skerm te verminder en die kaart in helderder kleure te vertoon.

Voertuig en roetes



Voertuig en roetes

Tik hierdie knoppie om jou voertuigtipe in te stel en te verander hoe roetes beplan word.

Tik die knoppie vir elke opsie om die instellings te verander.

Let wel: Hierdie instelling is slegs beskikbaar indien jy 'n TomTom-produk vir kampeerwaens of karavane gebruik. Vir ander produkte word die [roetebeplanning](#)-instelling as alternatief aangebied.

Om jou voertuig in te stel, of om van voertuie te verwissel, tik **Voertuig- en roetetipes**.

Daarna kan jy jou tipe voertuig kies en [jou toestel vir jou tipe voertuig instel](#).

Roetetipes

Stel die tipe roete wat jy wil hê jou TomTom moet bereken.

Tik **IQ Routes** om te stel of jy wil hê die toestel moet IQ Routes se inligting gebruik om te help om die beste roete te vind.

Instellings vir tolpaaië, veerbote, saamryklubbane en grondpaaië

Stel hoe jou TomTom elk van hierdie vier padkenmerke moet beheer wanneer die toestel 'n roete bereken.

Saamryklubbane staan soms as hoëbesettingslane bekend en word nie in alle lande aangetref nie. Om hierdie bane te gebruik, moet daar byvoorbeeld meer as een persoon in jou voertuig wees, of dit mag nodig wees dat die voertuig omgewingsvriendelike brandstof gebruik.

Roete-opsomming

Stel of jy wil hê die roete-opsommingskerm moet outomaties sluit nadat jy 'n roete beplan het. As jy **Neekies**, moet jy **Klaar** tik om die roete-opsommingskerm te sluit elke keer wanneer jy 'n roete beplan.

Stemme



Verander stem

Tik hierdie knoppie om die stem wat gesproke aanwysings of ander roete-instruksies gee, te verander.

'n Wye verskeidenheid stemme is beskikbaar. Daar is rekenaarstemme wat straatname en ander inligting direk vanaf die kaart kan lees en daar is mensstemme wat deur stemkunstenaars opgeneem is.



Stem-instellings

Tik hierdie knoppie om die tipe gesproke aanwysings en ander roete-instruksies te stel wat jou toestel hardop sal lees.

Stembeheer



Stembeheer

Tik hierdie knoppie om die **Stembeheer**-kieslys oop te maak waar jy die volgende knoppies sal aantref:



Deaktiveer stem-beheer

Tik hierdie knoppie om stembeheer te deaktiveer.



Aktiveer stem-beheer

Tik hierdie knoppie om stembeheer te aktiveer.



Wat om te sê

Tik hierdie knoppie om 'n lys bevele te sien wat jy vir stembeheer kan gebruik.

Volume



Volume

Tik hierdie knoppie om die volumevlak vir jou toestel te stel. Beweeg die glyknoppie om die volume te verander.

Plekke van belang

Meer oor Plekke van belang

Plekke van belang of PVB's is nuttige plekke op die kaart.

Hier is 'n paar voorbeelde:

- Restaurante
- Hotelle
- Museums
- Parkeergarages
- Vulstasies

Skep PVB's

Wenk: Vir hulp met die beheer van derdeparty-PVB's, soek vir "Third party POIs" by: tomtom.com/support.

1. Tik die skerm om die Hoofkieslys oop te maak.
2. Tik **Instellings**.
3. Tik **Beheer PVB's**.
4. As daar geen PVB-kategorieë is nie of die een wat jy wil gebruik, nie bestaan nie, tik **Voeg PVB-kategorie by** en skep 'n nuwe kategorie.



Elke PVB moet aan 'n PVB-kategorie toegewys word. Dit beteken dat jy reeds minstens een PVB-kategorie moes geskep het voordat jy jou eerste PVB kan skep.

Jy kan PVB's byvoeg by kategorieë wat jy reeds geskep het.

Vir meer inligting oor die skep van PVB-kategorieë, lees **Beheer PVB's**.

5. Tik **Voeg PVB by**.
6. Kies die PVB-kategorie wat jy vir die nuwe PVB wil gebruik.
7. Tik 'n knoppie om die PVB-adres in te tik op dieselfde manier as wat jy 'n roete sou beplan.

Die PVB word geskep en in die gekose kategorie gestoor.



Huis

Tik hierdie knoppie om jou huisligging as 'n PVB in te stel.

Dit is handig indien jy besluit om jou huisligging te verander maar eers 'n PVB wil skep wat op die huidige huisadres gegrond is.



Gunsteling

Tik hierdie knoppie om 'n PVB uit 'n gunsteling te skep.

Jy wil dalk 'n PVB uit 'n gunsteling skep omdat jy slegs 'n beperkte aantal gunsteling mag skep. As jy meer gunsteling wil skep, moet jy eers 'n paar gunsteling skrap. Om te verhoed dat 'n gunsteling verlore raak, stoor die ligging as 'n PVB voordat jy die gunsteling skrap.



Adres

Tik hierdie knoppie om 'n adres as 'n nuwe PVB in te voer.

Wanneer jy 'n adres invoer, kan jy uit vier opsies kies:

- **Middestad**
- **Straat en huisnommer**
- **Poskode**
- **Oorgang of kruising**



Onlangse bestemming

Tik hierdie knoppie om 'n PVB-ligging te kies uit 'n lys plekke wat jy onlangs as bestemmings gebruik het.



Plek van belang

Tik hierdie knoppie om 'n plek van belang (PVB) as 'n PVB by te voeg.

Byvoorbeeld, as jy besig is om 'n PVB-kategorie vir jou gunsteling restaurante te skep, gebruik hierdie opsie eerder as om die adresse van die restaurante in te tik.



My ligging

Tik hierdie knoppie om jou huidige ligging as 'n PVB by te voeg.

Byvoorbeeld, as jy êrens interessant stilhou, kan jy hierdie knoppie tik om 'n nuwe PVB by die huidige ligging te skep.



Punt op kaart

Tik hierdie knoppie om 'n PVB via die kaartblaaier te skep.

Gebruik die por om die ligging van die PVB te kies en tik dan **Klaar**.



Breedtegraad Lengtegraad

Tik hierdie knoppie om 'n PVB te skep deur die breedte- en lengtegraadwaardes te gebruik.



Posisie van laaste stilhouplek

Tik hierdie knoppie om 'n PVB gegrond op jou laaste aangetekende posisie te skep.



Tik hierdie knoppie om 'n PVB te skep deur die adres te sê.

Gesproke adres



Plaaslike soektog

Tik hierdie knoppie om Plaaslike soektog met TomTom Places te gebruik om vir winkels en sake-ondernemings by en in die omstreke van jou huidige ligging te soek.

Jy kan kies om winkels en sake-ondernemings naby jou, naby jou bestemming, naby enige ander bestemming of in 'n stad te soek. As jy, byvoorbeeld, 'n swembad naby jou huidige ligging wil vind, tik 'swembad' in en kies die beste soekresultaat.

Gebruik PVB's om 'n roete te beplan

Wanneer jy 'n roete beplan, kan jy 'n PVB as die bestemming gebruik.

Die volgende voorbeeld wys hoe om 'n roete na 'n parkeerterrein in 'n stad te beplan:

1. Tik **Navigeer na** of **Ry na** in die hoofkieslys.
2. Tik **Plek van belang**.
3. Tik **PVB in stad**.

Wenk: Die laaste PVB wat jy in jou TomTom-toestel bekyk het, word ook in die kieslys gewys.

4. Tik die naam van die dorp of stad in en kies dit wanneer dit in die lys gewys word.
5. Tik die pyl-knoppie om die lys van PVB-kategorieë uit te brei.

Wenk: As jy reeds weet wat die naam van die PVB is wat jy wil gebruik, kan jy **Soek volgens naam** tik om die naam in te voer en hierdie ligging te kies.

6. Rol af deur die lys en tik **Parkeerterrein**.
7. Die parkeerterrein naaste aan die middestad word boaan die lys vertoon.
8. Die volgende lys verduidelik die afstande wat langs elke PVB vertoon word. Die manier waarop die afstande gemeet word, varieer na gelang van hoe jy aanvanklik vir die PVB gesoek het:
 - PVB naby jou - afstand vanaf jou huidige ligging
 - PVB in stad - afstand vanaf die middestad
 - PVB naby die huis - afstand vanaf jou huisligging
 - PVB langs roete - afstand vanaf jou huidige ligging
 - PVB naby bestemming - afstand vanaf jou bestemming
9. Tik op die naam van die parkeerterrein wat jy wil gebruik en tik **Klaar** wanneer die roete bereken is.

Jou toestel begin om jou na die parkeerterrein te begelei.

Wenk: Jy kan Plaaslike soektog ook gebruik om handige liggings te vind. Vir meer inligting oor Plaaslike soektog en ander LIVE-dienste, gaan na tomtom.com/services.

Wys PVB's op die kaart

Jy kan kies watter tipes PVB-liggings jy op jou kaart wil sien.

1. Tik **Wys PVB op kaart** in die instellingskieslys.
2. Kies die kategorieë wat jy wil hê op die kaart moet wys.
3. Tik **Klaar**.
4. Kies of jy die PVB-liggings in 2D- of 3D-aansig op die kaart wil sien.
5. Tik **Klaar**.

Die tipes PVB's wat jy gekies het, word as simbole op die kaart gewys.

Skakel 'n PVB

Let wel: Handvry-bellery werk nie met alle navigasietoestelle nie.

Baie van die PVB's op jou TomTom-toestel sluit foonnommers in. Dit beteken dat as handvry-bellery op jou toestel werk, kan jy jou toestel gebruik om die PVB te skakel sowel as om 'n roete na die PVB se ligging te beplan.

Byvoorbeeld, jy kan 'n bioskoop soek, bel om 'n kaartjie te bespreek en 'n roete na die bioskoop beplan, en dit alles via jou TomTom-toestel.

1. Tik die telefoonknoppie in die ritaansig.
As die knoppie nie in die ritaansig wys nie, tik **Maak jou eie kieslys** in die instellingskieslys en kies **Bel...** om die knoppie in die ritaansig te wys.
2. Tik **Plek van belang**.
3. Kies hoe jy na die PVB wil soek.
Byvoorbeeld, as jy na 'n PVB op jou roete wil soek, tik **PVB langs roete**.
4. Tik die tipe PVB wat jy wil skakel.
Byvoorbeeld, as jy 'n bioskoop wil bel om 'n kaartjie te bespreek, tik **Bioskoop** en kies dan die naam van die bioskoop wat jy wil skakel. Tik dan **Bel** of **Skakel** om die telefoonoproep te maak.

Jou TomTom-toestel gebruik jou selfoon om die PVB te skakel.

Stel waarskuwings vir PVB's

Jy kan 'n waarskuwingsklank instel wat gespeel sal word wanneer jy 'n geselekteerde tipe PVB, soos 'n vulstasie, nader.

Die volgende voorbeeld wys hoe om 'n waarskuklank te stel wat gespeel moet word wanneer jy binne 250 meter van 'n vulstasie is.

1. Tik **Beheer PVB's** en dan **Waarsku wanneer naby PVB** in die instellingskieslys.
2. Rol af met die lys en tik **Vulstasie**.

Wenk: Om 'n waarskuwing te verwyder, tik op die kategoriernaam en tik dan **Ja**. As 'n waarskuklank vir 'n PVB-kategorie gestel is, verskyn 'n simbool langs die kategorie se naam.

3. Stel die afstand na 250 meter en tik **OK**.
4. Kies **Klankeffek** en tik dan **Volgende**.
5. Kies die waarskuklank vir die PVB en tik dan **Volgende**.

6. As jy slegs die waarskuwing wil hoor wanneer die PVB direk op 'n beplande roete is, kies **Waarsku net as PVB op roete is**. Tik dan Klaar.

Die waarskuwing is gestel vir die geselekteerde PVB-kategorie. Jy sal 'n waarskuklank hoor wanneer jy binne 250 meter van 'n vulstasie op jou roete is.

Beheer PVB's

Tik **Beheer PVB's** om jou PVB's se kategorieë en liggings te beheer.



Jy kan jou TomTom-toestel stel om jou te verwittig wanneer jy naby geselekteerde PVB's se liggings is. Op hierdie manier kan jy, byvoorbeeld, die toestel stel om jou te verwittig wanneer jy 'n vulstasie nader.

Jy kan jou eie PVB-kategorieë skep en jou eie PVB-liggings by daardie kategorieë voeg.

Dit beteken dat jy, byvoorbeeld, 'n nuwe PVB-kategorie genaamd Vriende kan skep. Jy kan dan al jou vriende se adresse as PVB's by hierdie nuwe kategorie voeg.

Tik die volgende knoppies om jou eie PVB's te skep en in stand te hou:

- **Voeg PVB by** - tik hierdie knoppie om 'n ligging by een van jou eie PVB-kategorieë te voeg.
- **Waarsku wanneer naby PVB** - tik hierdie knoppie om jou toestel te stel om jou te waarsku wanneer jy naby 'n geselekteerde PVB is.
- **Skrap PVB** - tik hierdie knoppie om een van jou eie PVB-kategorieë te skrap.
- **Redigeer PVB** - tik hierdie knoppie om een van jou eie PVB's te redigeer.
- **Voeg PVB-kategorie by** - tik hierdie knoppie om 'n nuwe PVB-kategorie te skep.
- **Skrap PVB-kategorie** - tik hierdie knoppie om een van jou eie PVB-kategorieë te skrap.

Hulp

Meer oor hulpverkryging

Tik **Hulp** in die hoofkieslys om na die naaste nooddienssentrum en ander gespesialiseerde dienste te navigeer. As jou toestel met handvry-bellery werk en jou foon aan jou toestel gekoppel is, kan jy nooddienste regstreeks per foon kontak.

As jy byvoorbeeld in 'n motorongeluk betrokke is, kan jy die Hulp-kieslys gebruik om die naaste hospitaal te vind en te skakel en hulle presies sê wat jou ligging is.

Wenk: As jy nie die hulpknoppie in die hoofkieslys sien nie, tik **Instellings** en dan **Veiligheidsinstellings**. Maak die merkblokkie vir **Wys slegs essensiële kieslysopsies tydens rit** skoon.

Gebruik hulp om 'n plaaslike diens te bel

Let wel: Handvry-bellery werk nie met alle navigasietoestelle nie.

Om hulp te gebruik om 'n dienssentrum te vind, die sentrum te skakel en vanaf jou huidige ligging na die sentrum te navigeer, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys te vertoon.
2. Tik **Hulp**.
3. Tik **Skakel vir hulp**.
4. Kies die soort diens wat jy verlang, byvoorbeeld, **Naaste hospitaal**.
5. Kies 'n sentrum uit die lys; die naaste een word boaan die lys vertoon.

Jou toestel wys jou posisie op die kaart tesame met 'n beskrywing van die ligging. Dit help jou om te verduidelik waar jy is terwyl jy die oproep maak.

As jou navigasietoestel met handvry-bellery werk en 'n foon aan jou toestel gekoppel is, skakel jou toestel die nommer outomaties. As geen foon gekoppel is nie, word die telefoonnommer vertoon sodat jy dit kan skakel.

6. Om per motor jou weg na die sentrum te vind, tik **Navigeer daarheen**. As jy te voet is, tik **Stap daarheen**.

Jou navigasietoestel sal jou dan na jou bestemming begin lei.

Hulpkieslysopsies

Let wel: In sommige lande is inligting dalk nie vir alle dienste beskikbaar nie.



Skakel vir hulp

Tik hierdie knoppie om die kontakbesonderhede en ligging van 'n dienssentrum te vind.

Let wel: Handvry-bellery werk nie vir alle toestelle nie.



Ry na hulp

Tik hierdie knoppie om jou weg per motor na 'n dienssentrum te vind.



Stap na hulp

Tik hierdie knoppie om jou weg te voet na 'n dienssentrum te vind.



Waar is ek?

Tik hierdie knoppie om jou huidige posisie op die kaart te kry.

As jou toestel met handvry-bellery werk, en jou foon aan jou toestel gekoppel is, kan jy **Waar is ek? tik**. Kies die tipe diens wat jy wil kontak en sê aan hulle wat jou presiese ligging is soos wat dit op jou toestel vertoon word.



Veiligheid- en ander gidse

Tik hierdie knoppie om 'n verskeidenheid gidse te lees, waaronder 'n noodhulpgids.



Produk-handleidin gs

Tik hierdie knoppie om 'n verskeidenheid gidse verwant aan jou navigasietoestel te lees.

Handvry-bellery

Meer oor handvry-oproepe

Let wel: Handvry-bellery werk nie vir alle toestelle nie.

As jy 'n selfoon met Bluetooth® het, kan jy jou TomTom-toestel gebruik om oproepe te maak en boodskappe te stuur en te ontvang.

Belangrik: Nie alle funksies werk op of is versoenbaar met alle fone nie. Vir meer inligting, gaan na tomtom.com/phones/compatibility.

Koppel jou foon

Jy moet eers 'n verbinding tussen jou selfoon en jou TomTom-toestel opstel.

Tik **Verbindings** in die instellingskieslys; tik dan **Fone**. Tik **Beheer fone** en kies jou foon wanneer dit in die lys gewys word.

Jy hoef dit slegs een keer te doen en jou TomTom-toestel sal jou foon onthou.

Wenke

- Maak seker dat jy Bluetooth® op jou foon aanskakel.
- Maak seker dat jou foon op 'discoverable' of 'visible to all' gestel is.
- Jy kan die wagwoord "0000" op jou foon intik om dit met jou TomTom-toestel te verbind.
- Om te verhoed dat jy "0000" elke keer moet intik wanneer jy jou foon gebruik, stoor jou TomTom-toestel as 'n vertroude toestel op jou foon.

Vir meer inligting oor Bluetooth-instellings, verwys na jou selfoon se gebruikergids.

Maak 'n oproep

Wanneer jy 'n verbinding tussen jou TomTom-toestel en jou selfoon opgestel het, kan jy jou navigasietoestel gebruik om handvry-oproepe op jou selfoon te maak.

Om 'n telefoonoproep te maak, tik die belknoppie in die ritaansig. Tik vervolgens een van die volgende knoppies:

- Tik **Huis** om jou huisligging te bel.
As jy nog nie 'n nommer vir jou huisligging ingevoer het nie, sal hierdie knoppie nie beskikbaar wees nie.
- Tik **Foonnommer** om 'n telefoonnommer in te voer wat geskakel moet word.
- Tik **Plek van belang** om 'n plek van belang (PVB) te kies wat gebel moet word.
As jou toestel die telefoonnommer van 'n PVB ken, word dit langs die PVB gewys.
- Tik **Foongidsinskrywing** om 'n kontak uit jou foongids te kies.

Let wel: Jou foongids word outomaties na jou TomTom-toestel gekopieer wanneer jy die eerste keer 'n verbinding met jou selfoon opstel.

Nie alle fone kan die foongids na jou toestel oordra nie. Vir meer inligting, gaan na tomtom.com/phones/compatibility.

- Tik **Onlangs geskakel** om uit 'n lys mense of nommers te kies wat jy onlangs via jou toestel geskakel het.
- Tik **Onlangse inbeller** om uit 'n lys mense of nommers te kies wat jou onlangs geskakel het. Slegs oproepe wat jy op jou toestel ontvang het, word in hierdie lys gestoor.

Ontvang 'n oproep

Wanneer iemand jou bel, word die inbeller se naam en foonnommer vertoon. Tik die skerm om die oproep te aanvaar of te verwerp.

Outo-antwoord

Jy kan jou TomTom-toestel stel om inkomende foonoproepe outomaties te beantwoord.

Om outomatiese beantwoording in te stel, tik **Verbindings** in die instellingskieslys; tik dan **Fone**. Tik **Outo-antwoordinstellings**.

Kies hoe lank jou toestel gaan wag voordat jou oproepe outomaties beantwoord word; tik dan **Klaar**.

Verbind meer fone met jou toestel

Jy kan verbindings met tot soveel as 5 selfone opstel.

Om meer fone by te voeg, doen die volgende:

1. Tik **Verbindings** in die instellingskieslys.
2. Tik **Fone**.
3. Tik **Beheer fone**.
4. Tik **Voeg by** en volg die instruksies.

Om tussen fone te verwissel, tik **Beheer fone**. Tik dan die knoppie vir die foon waarmee jy wil verbind.

Selffoonkieslys

Let wel: Handvry-bellery werk nie met alle navigasietoestelle nie.



Beheer fone

Tik hierdie knoppie om die selfone te beheer wat met jou TomTom-toestel verbind gaan word.

Jy kan 'n profiel vir tot soveel as vyf verskillende selfone byvoeg.



Deaktiveer handvry

Tik hierdie knoppie om handvry-bellery te deaktiveer of te aktiveer.



Skakel

Tik hierdie knoppie om 'n foonoproep te maak.



Verander huis- nommer

Tik hierdie knoppie om jou huisfoonnommer te verander.



Skrap

Tik hierdie knoppie om die inligting te kies wat jy wil skrap. Jy kan die lys van onlangse inbellers en die lys van onlangs geskakelde nommers skrap.



Ou- to-antwoordinste- lings

Tik hierdie knoppie om die outo-antwoordinste-ling te verander.

Belangrik: Nie alle funksies werk op of is versoenbaar met alle fone nie.

Gunsteling

Meer oor gunsteling

Gunsteling is 'n maklike manier om 'n ligging te kies sonder om die adres in te tik. Hulle hoef nie werklik gunsteling-plekke te wees nie, maar kan bloot beskou word as 'n versameling nuttige adresse.

Wenk: As jy enige gereelde bestemmings opgestel het, word hulle in jou lys van gunsteling vertoon.

Skep 'n gunsteling

Om 'n gunsteling te skep, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys oop te maak.
2. Tik **Instellings** om die instellingskieslys oop te maak.
3. Tik **Gunsteling**.
4. Tik **Voeg by**.

Kies die tipe gunsteling deur een van die knoppies te tik wat hieronder beskryf word:



Huis

Jy kan jou huisligging as 'n gunsteling instel.



Gunsteling

Jy kan nie 'n gunsteling uit 'n ander gunsteling skep nie. Hierdie opsie sal nooit in hierdie kieslys beskikbaar wees nie.

Om 'n gunsteling te hernoem, tik **Gunsteling** in die instellingskieslys.



Adres

Jy kan 'n adres as 'n gunsteling invoer.



Onlangse bestemming

Skep 'n gunsteling deur 'n ligging uit die lys van jou onlangse bestemmings te kies.



Plaaslike soektog

Tik hierdie knoppie om Plaaslike soektog met TomTom Places te gebruik om liggings soos winkels en sake-ondernemings te vind en hulle as gunsteling te stoor.

As jy, byvoorbeeld, 'n swembad naby jou huidige ligging wil vind, tik

'swembad' in en kies die beste soekresultaat.

Let wel: Slegs beskikbaar op LIVE-toestelle



Plek van belang

As jy 'n PVB besoek waarvan jy besonder baie hou, soos byvoorbeeld 'n restaurant, kan jy dit as 'n gunsteling byvoeg.



My ligging

Tik hierdie knoppie om jou huidige ligging as 'n gunsteling by te voeg.

As jy byvoorbeeld iewers interessants stilhou, kan jy terwyl jy daar is hierdie knoppie tik om die gunsteling te skep.



Punt op kaart

Tik hierdie knoppie om 'n gunsteling met die kaartblaaier te skep.

Kies die ligging van die gunsteling deur die por te gebruik, en tik dan **Klaar**.



Breedtegraad Lengtegraad

Tik hierdie knoppie om 'n gunsteling te skep deur die breedte- en lengtegraadwaardes in te voer.



Gesproke adres

Tik hierdie knoppie om 'n gunsteling te skep deur die adres te sê.



Posisie van laaste stilhouplek

Tik hierdie knoppie om jou laaste aangetekende posisie as jou bestemming te kies.

Jou toestel stel 'n naam vir jou nuwe gunsteling voor. Dit is nie nodig om die voorgestelde naam te skrap om 'n nuwe naam in te tik nie; jy begin net tik.

Wenk: Dit is 'n goeie idee om jou gunsteling 'n naam te gee wat maklik onthou kan word.

Tik **OK**.

Jou nuwe gunsteling verskyn in die lys.

Nadat jy twee of meer gunstelinge bygevoeg het, en Wenke afgeskakel is, word jy gevra of jy gereeld ritte na dieselfde liggings onderneem. As jy **JA** tik, kan jy hierdie bestemmings as jou gunstelingbestemmings invoer. Elke keer wanneer jy jou toestel aanskakel, kan jy dadelik een van hierdie liggings as jou bestemming kies. Om hierdie bestemmings te verander of 'n nuwe bestemming te kies, tik **Begin** in die instellingskieslys en kies dan **Vra vir 'n bestemming**.

Gebruik 'n gunsteling

Jy kan 'n gunsteling gebruik as 'n manier om na 'n plek te navigeer sonder dat jy die adres hoef in te tik. Om na 'n gunsteling te navigeer, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die Hoofkieslys oop te maak.
2. Tik **Navigeer na** of **Ry na**.
3. Tik **Gunsteling**.
4. Kies 'n gunsteling uit die lys.
Jou TomTom-toestel bereken die roete vir jou.
5. Wanneer die roete bereken is, tik **Klaar**.

Jou toestel begin dadelik om jou met gesproke instruksies en visuele instruksies op die skerm na jou bestemming te begelei.

Verander die naam van 'n gunsteling

Om die naam van 'n gunsteling te verander, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys oop te maak.
2. Tik **Instellings** om die instellingskieslys oop te maak.
3. Tik **Gunsteling**.
4. Tik die gunsteling wat jy wil hernoem.

Wenk: Gebruik die links- en regs-pyltjie om 'n ander gunsteling uit jou lys te kies.

5. Tik **Hernoem**.
6. Tik die nuwe naam in en tik dan **Klaar**.
7. Tik **Klaar**.

Skrap 'n gunsteling

Om 'n gunsteling te skrap, doen die volgende:

1. Tik die skerm om die hoofkieslys oop te maak.
2. Tik **Instellings** om die instellingskieslys oop te maak.
3. Tik **Gunsteling**.
4. Tik die gunsteling wat jy wil skrap.

Wenk: Gebruik die links- en regs-pyltjie om 'n ander gunsteling uit jou lys te kies.

5. Tik **Skrap**.
6. Tik **Ja** om die skrapping te bevestig.
7. Tik **Klaar**.

Dienste

Meer oor LIVE-dienste

Let wel: LIVE-dienste is nie in alle lande of streke beskikbaar nie, en nie alle LIVE-dienste is in alle lande of streke beskikbaar nie. Jy mag dalk nie in staat wees om LIVE-dienste te gebruik wanneer jy in die buiteland reis nie. Vir meer inligting oor beskikbare dienste, gaan na tomtom.com/services.

Die volgende LIVE-dienste mag dalk beskikbaar wees vir jou toestel. LIVE-dienste is intekening-gebaseer.

- Verkeer
- Search & Go
- Deel jou bestemming
- Spoedkameras of Gevaarsones
- Weer
- Plaaslike soektog
- QuickGPSfix™

Veiligheidskennisgewing

Sommige navigasietoestelle bevat 'n GSM/GPRS-module wat steurend op elektriese toestelle soos hart-pasaangeërs, gehoortoestelle en lugvaarttoestelle kan inwerk.

Steurende inwerkings op hierdie toestelle kan jou of ander mense se gesondheid of lewe in gevaar stel.

As jou toestel 'n GSM/GPRS-module bevat, moenie dit naby onbeskermde elektriese eenhede gebruik of in areas waar die gebruik van selfone verbied word nie, soos in hospitale of op vliegtuie.

LIVE-dienste-intekening

Kontroleer jou LIVE-dienste-intekening

Jy kan te eniger tyd die status van jou intekening kontroleer. In die hoofkieslys, tik **Dienste** en tik dan **My dienste**.

Jou TomTom-toestel waarsku jou ook wanneer jou inskrywing vir LIVE-dienste binnekort hernu moet word.

Vir meer inligting oor intekening op en die betalingsvoorwaardes vir LIVE-dienste, gaan na tomtom.com/services.

Hernu jou LIVE-dienste-intekening via jou toestel

1. In die hoofkieslys, tik **Dienste** en tik dan **My dienste**.

Die huidige status van jou LIVE-dienste-intekening word gewys.

2. Tik op die diens wat jy wil hernu.

Jou toestel vra dan of jy jou intekening wil hernu.

3. Tik **Ja**.

Die hernuwingsversoek word na TomTom versend. Jy moet betaling aanlyn afhandel voor of op die datum wat op jou toestel gewys word.

Hernu jou LIVE-dienste-intekening via die TomTom-webwerf

1. Gaan na tomtom.com/getstarted om MyDrive Connect te installeer, indien dit nie reeds geïnstalleer is nie, en begin om MyDrive te gebruik.
2. Wanneer jy gevra word, koppel jou navigasietoestel via die USB-kabel aan jou rekenaar. Skakel dan jou toestel aan.

Belangrik: Jy moet die USB-verbinder direk by die USB-poort op jou rekenaar inprop en nie by 'n USB-naaf of USB-poort op 'n sleutelbord of skerm nie.

3. Maak die LIVE-dienste-afdeling oop.
4. Gaan die status van jou intekening na en klik op die diens wat jy wil hernu.
Jy word gevra om jou betalingsdetails te verstrek.
5. Voer jou betalingsdetails in en handel die transaksie af.
Jou intekening is hernu.

Meer oor TomTom Traffic

TomTom Traffic is 'n unieke TomTom-diens wat intydse verkeersinligting bied. Vir meer inligting oor TomTom-dienste, gaan na tomtom.com/services.

In kombinasie met IQ Routes, help TomTom Traffic jou om die optimale roete na jou bestemming te beplan deur die heersende plaaslike verkeerstoestande in ag te neem.

Jou TomTom-toestel kry gereeld inligting oor die veranderende verkeerstoestande. As verkeersknope of ander insidente op jou huidige roete gevind word, sal jou toestel aanbied om jou roete te herbeplan in 'n poging om enige vertraging te vermy.

Meer oor Search & Go

Let wel: LIVE-dienste is nie in alle lande of streke beskikbaar nie, en nie alle LIVE-dienste is in alle lande of streke beskikbaar nie. Jy mag dalk nie in staat wees om LIVE-dienste te gebruik wanneer jy in die buiteland reis nie. Vir meer inligting oor beskikbare dienste, gaan na tomtom.com/services.

Jy kan na plaaslike plekke en inligting soek deur die volgende dienste op jou navigasietoestel te gebruik:

- TripAdvisor
- Expedia

Jy kan dan jou navigasietoestel gebruik om na 'n plek te navigeer wat via hierdie dienste gevind is.

Meer oor deel van jou bestemming

Jy kan via Twitter jou bestemming en aankomstye met vriende en familie deel.

Meer oor Plaaslike soektog

Via plaaslike soektog, kan jy deur inskrywings op TomTom Places soek om winkels en sake-ondernemings te vind en dan 'n roete beplan na die bestemming wat jy gekies het.

Gebruik plaaslike soektog

Om 'n ligging via plaaslike soektog te vind en 'n roete daarheen te beplan, volg die stappe hieronder: In hierdie voorbeeld gaan jy 'n supermark naby jou huidige posisie soek.

1. Tik die skerm om die hoofkieslys te vertoon; tik dan **Navigeer na** of **Ry na**.

Wenk: Jy kan ook 'n kitskieslys-knoppie vir plaaslike soektog opstel deur **Instellings** en daarna op **Maak jou eie kieslys** te tik. Kies **Navigeer na 'Plaaslike soektog'-adres** of **Ry na 'Plaaslike soektog'-adres**.

2. Tik die **Plaaslike soektog**-knop.

3. Tik **Soek naby jou**.

4. Tik supermark in en tik dan op **OK**.

Die liggings wat by jou soektog pas, word in 'n lys vertoon tesame met hulle afstand vanaf jou huidige ligging en gradering.

5. Tik een van die liggings in die lys.

Die ligging word op die kaart vertoon.

Tik **Wys info** om meer besonderhede oor hierdie ligging te sien.

6. Tik **Kies**.

Kies of jy daarheen wil navigeer, die ligging op 'n kaart wil wys, via daardie ligging wil reis of dit as 'n gunsteling wil byvoeg.

Meer oor spoedkameras

Let wel: LIVE-dienste is nie in alle lande of streke beskikbaar nie, en nie alle LIVE-dienste is in alle lande of streke beskikbaar nie. Jy mag dalk nie in staat wees om LIVE-dienste te gebruik wanneer jy in die buiteland reis nie. Vir meer inligting oor beskikbare dienste, gaan na tomtom.com/services.

Die Spoedkameradiens waarsku jou oor 'n verskeidenheid spoedkameras en veiligheidswaarskuwings met insluiting van die volgende:

- Liggings van vaste spoedkameras.
- Liggings van ongelukgevaarkolle
- Liggings van mobiele spoedkameras
- Liggings van trajekspoedkameras.
- Liggings van verkeersligkameras.
- Heklose spoorwegkruisings.

Let wel: In Frankryk word geen waarskuwings vir individuele kameras of verskillende tipes kameras gegee nie. Dit is slegs moontlik om teen [gevaarsones](#) te waarsku. Gevaarsones is areas waar daar dalk kameras kan wees. Dit is moontlik om die ligging van gevaarsones te rapporteer of te bevestig, maar dit is nie moontlik om hulle te verwyder nie.

Ander dienste

Let wel: Slegs beskikbaar op LIVE-toestelle

Die volgende dienste is ook beskikbaar op jou TomTom-toestel:

Weer

Die weardiens bied aan jou vyfdag-weerberigte vir enige ligging op jou kaart.

QuickGPSfix

QuickGPSfix bevat inligting oor GPS-satellietposisies wat jou navigasietoestel sal help om jou posisie vinniger te vind.

My dienste

Om jou inskrywing na te gaan, tik **Dienste** in die hoofkieslys en tik dan **My dienste**.

Jou TomTom-toestel verwittig jou of jou inskrywing vir LIVE-dienste eersdaags hernu moet word. Jy kan jou toestel gebruik om TomTom te verwittig of jy jou huidige inskrywing wil hernu.

Vir meer inligting oor intekening op en die betalingsvoorwaardes vir LIVE-dienste, gaan na tomtom.com/services.

Search & Go

Meer oor Search & Go

Let wel: LIVE-dienste is nie in alle lande of streke beskikbaar nie, en nie alle LIVE-dienste is in alle lande of streke beskikbaar nie. Jy mag dalk nie in staat wees om LIVE-dienste te gebruik wanneer jy in die buiteland reis nie. Vir meer inligting oor beskikbare dienste, gaan na tomtom.com/services.

Jy kan na plaaslike plekke en inligting soek deur die volgende dienste op jou navigasietoestel te gebruik:

- TripAdvisor
- Expedia

Jy kan dan jou navigasietoestel gebruik om na 'n plek te navigeer wat via hierdie dienste gevind is.

Gebruik Soek & GO om 'n PVB te vind

Jy kan na 'n PVB soek deur TripAdvisor of Expedia te gebruik en dan dadelik daarheen navigeer deur jou navigasietoestel te gebruik.

Byvoorbeeld, om na 'n hotel te soek, doen die volgende:

1. Tik **Dienste** in die hoofkieslys.

Wenk: Wanneer 'n roete na 'n PVB beplan word, kan jy ook PVB's kies wat deur TripAdvisor en Expedia voorsien is nadat jy 'n PVB-kategorie gekies het.

2. Tik **TripAdvisor** of **Expedia**.



3. Tik **In stad**.

Jy kan op verskillende maniere soek: naby jou, in 'n stad, naby die huis en naby jou bestemming.

4. Tik die naam van die dorp of stad in en kies dit wanneer dit in die lys gewys word.
5. Tik die pyl-knoppe om die lys PVB-kategorieë uit te brei.

Wenk: As jy reeds die naam ken van die PVB wat jy wil gebruik, tik **Soek** om die naam in te voer en hierdie ligging te kies.

6. Tik **Hotelle**.

Die hotel naaste aan jou bestemming word boaan die lys gewys. Die manier waarop die afstande gemeet word, varieer na gelang van hoe jy aanvanklik vir die PVB gesoek het:

- Naby jou - afstand vanaf jou huidige ligging
- In stad - afstand vanaf die middestad
- Naby die huis - afstand vanaf jou huisligging

- Naby bestemming - afstand vanaf jou bestemming

Gebruikergradering en prysinligting word vertoon indien beskikbaar.

7. Tik die naam van die hotel waaroor jy meer inligting wil sien. Jy kan kies om oorsigte oor die hotel te lees, die hotel te skakel of om te sien of daar 'n parkeerplek by of naby die hotel is.
8. As jy besluit om na hierdie hotel te navigeer, tik **Kies**. Tik **Terug** om terug te gaan na jou lys van resultate.
9. Tik **Klaar** wanneer die roete bereken is.

Jou navigasietoestel begin om jou na jou bestemming te begelei.

Deel bestemming met Twitter

Deel bestemming en aankomstyd

Let wel: LIVE-dienste is nie in alle lande of streke beskikbaar nie, en nie alle LIVE-dienste is in alle lande of streke beskikbaar nie. Jy mag dalk nie in staat wees om LIVE-dienste te gebruik wanneer jy in die buiteland reis nie. Vir meer inligting oor beskikbare dienste, gaan na tomtom.com/services.

Jy kan jou bestemming en aankomstyd met jou vriende en familie deel deur Twitter op jou navigasietoestel te gebruik.

Belangrik: Jy kan hierdie app. te eniger tyd deaktiveer en dit sal boodskappe slegs op jou versoek pos.

Wenk: Jy kan 'n spesiale Twitter-rekening vir gebruik met jou TomTom-toestel skep en hierdie rekening net met 'n beperkte stel aanhangers eerder as met al jou aanhangers deel. As jy kies om dit te doen, is dit dalk wenslik om hierdie rekening as privaat op die Twitter-webwerf te stel sodat jy kan beheer wie in staat is om 'n opdatering van jou ligging te ontvang.

Om byvoorbeeld jou aankomstyd te deel, doen die volgende:

1. Tik **Dienste** in die hoofkieslys.
2. Tik **Twitter**.



3. Tik **Teken aan** om by jou Twitter-rekening aan te meld.
Sodra jy aangemeld het, kan jy kies om **Deel aankomstyd**, **Meld aan**, **Teken af** of verander **Instellings** te gebruik.
4. Tik **Deel aankomstyd**. Om jou aankomstyd te deel, moes jy 'n roete beplan het.

Wenk: As jy by Twitter ingeteken is, kan jy ook jou aankomstyd deel deur **Tweet** op die roete-opsommingskerm te tik.

Tik **Verander boodskap** as jy die boodskap wil verander wat jy wil stuur.

5. Tik **Tweet** en pos die boodskap wat jou aankomstyd bevat.
Jy sien 'n boodskap wat bevestig dat jou boodskap gepos is.
6. Klik **OK** om terug te gaan na die kieslys of roete-opsommingskerm.

Belangrik: Neem asseblief kennis dat sodra jy by jou Twitter-rekening aanmeld deur jou TomTom-navigasietoestel te gebruik, jy aangemeld bly totdat jy afmeld deur ook jou TomTom-toestel te gebruik. Sou dit gebeur dat jy nie toegang tot jou TomTom-toestel kan verkry nie, gaan na www.twitter.com en verander jou instellings of jou wagwoord. As jy jou toestel vir iemand leen, moenie vergeet om eers by jou Twitter-rekening af te meld nie.

Meld aan by 'n bestemming

Jy kan by 'n bestemming aanmeld deur Twitter op jou navigasietoestel te gebruik.

Belangrik: Jy kan hierdie app. te eniger tyd deaktiveer en dit sal boodskappe slegs op jou versoek pos.

Om by 'n bestemming aan te meld, doen die volgende:

1. Tik **Dienste** in die hoofkieslys.
2. Tik **Twitter**.



3. Tik **Teken aan** om by jou Twitter-rekening aan te meld.
Sodra jy aangemeld is, kan jy kies om **Deel aankomstyd**, **Meld aan**, **Teken af** of verander **Instellings** te gebruik.
4. Tik **Meld aan**.

Wenk: As **Vra my of ek wil aanmeld wanneer ek by my bestemming arriveer** in Twitter se instellings aangeskakel is, word jy outomaties gevra of jy wil aanmeld wanneer jy jou bestemming bereik.

Tik **Verander plek** om jou aanmeldingsplek te verander. Kies jou nuwe ligging uit die lys of tik **Voeg plek by** om 'n nuwe ligging by te voeg.

Tik **Verander boodskap** om jou aanmeldiboodskap te verander. Redigeer jou boodskap en tik dan **OK**.

5. Tik **Ja** om by die ligging aan te meld wat op die skerm gewys word.
Jy sien jou ligging op die kaart en jou huidige aanmeldboodskap word ook vertoon.
6. As die ligging en boodskap korrek is, tik **Meld aan**.
Jou aanmeldboodskap word via Twitter gepos.

Belangrik: Neem asseblief kennis dat sodra jy by jou Twitter-rekening aanmeld deur jou TomTom-navigasietoestel te gebruik, jy aangemeld bly totdat jy afmeld deur ook jou TomTom-toestel te gebruik. Sou dit gebeur dat jy nie toegang tot jou TomTom-toestel kan verkry nie, gaan na www.twitter.com en verander jou instellings of jou wagwoord.

Verkeer

Meer oor verkeersinligting

Jy kan verkeerinligting op twee maniere ontvang:

- TomTom Traffic.
- Traffic Message Channel (RDS-TMC).

Deur verkeerinligting te gebruik, kan jou TomTom-toestel outomaties jou roete aanpas om vertragsings te minimaliseer.

Let wel: LIVE-dienste is nie in alle lande of streke beskikbaar nie, en nie alle LIVE-dienste is in alle lande of streke beskikbaar nie. Jy mag dalk nie in staat wees om LIVE-dienste te gebruik wanneer jy in die buiteland reis nie. Vir meer inligting oor beskikbare dienste, gaan na tomtom.com/services.

Meer oor TomTom Traffic

TomTom Traffic is 'n unieke TomTom-diens wat intydse verkeersinligting bied. Vir meer inligting oor TomTom-dienste, gaan na tomtom.com/services.

In kombinasie met IQ Routes, help TomTom Traffic jou om die optimale roete na jou bestemming te beplan deur die heersende plaaslike verkeerstoestande in ag te neem.

Jou TomTom-toestel kry gereeld inligting oor die veranderende verkeerstoestande. As verkeersknoppe of ander insidente op jou huidige roete gevind word, sal jou toestel aanbied om jou roete te herbeplan in 'n poging om enige vertragsings te vermy.

Veiligheidskennisgewing

Sommige navigasietoestelle bevat 'n GSM/GPRS-module wat steurend op elektriese toestelle soos hart-pasaangeërs, gehoortoestelle en lugvaarttoestelle kan inwerk.

Steurende inwerkings op hierdie toestelle kan jou of ander mense se gesondheid of lewe in gevaar stel.

As jou toestel 'n GSM/GPRS-module bevat, moenie dit naby onbeskermde elektriese eenhede gebruik of in areas waar die gebruik van selfone verbied word nie, soos in hospitale of op vliegtuie.

Gebruik verkeerinligting

As jy 'n RDS-TMC-ontvanger gebruik om TMC-verkeerinligting op jou TomTom-toestel te bekyk, koppel die TomTom RDS-TMC-verkeerontvanger aan die USB-verbinder op jou toestel.

Die verkeerkantbalk word aan die regterkant in die ritaansig gewys. Die kantbalk lig jou in oor verkeersvertragsings terwyl jy bestuur deur gloeiende stippels te gebruik om jou te wys waar elke verkeersinsident op jou roete geleë is.



Die bokant van die verkeerkantbalk verteenwoordig jou bestemming en wys die totale tydskuur van die vertraging weens verkeersknope en ander insidente op jou roete.

Die middelste deel van die verkeerkantbalk wys individuele verkeersinsidente in die volgorde wat hulle op jou roete voorkom.

Die onderkant van die verkeerkantbalk verteenwoordig jou huidige ligging en wys die afstand na die volgende insident op jou roete.

Om die leesbaarheid van die verkeerkantbalk te verbeter, word sommige insidente dalk nie vertoon nie. Hierdie insidente sal altyd van minder belang wees en slegs kort vertragings veroorsaak.

Die kleur van die wysers, soos hieronder vertoon, gee jou dadelik 'n aanduiding van die tipe insident:

	Onbekende of onbepaalde situasie.
	Stadige verkeer.
	Verkeer wat toustaan.
	Stilstaande verkeer of padsluiting.

Neem die vinnigste roete

Jou TomTom-toestel is voortdurend op die uitkyk vir 'n vinniger roete na jou bestemming. As die verkeersituasie verander en 'n vinniger roete gevind word, sal jou toestel aanbied om jou reis te herbeplan sodat jy die vinniger roete kan gebruik.

Jy kan jou toestel ook stel om jou reis outomaties te herbeplan wanneer 'n vinniger roete gevind word. Om hierdie instelling toe te pas, tik **Verkeerinstellings** in die verkeerkieslys.

Om die vinnigste roete na jou bestemming handmatig te vind en te herbeplan, doen die volgende:

1. Tik die verkeerkantbalk.

Wenk: As jy vind dat die hoofkieslys in stede van die verkeerkieslys oopmaak wanneer jy op die kantbalk tik, probeer om op die kantbalk te tik terwyl jou vinger op die rant van die skerm rus.

'n Opsomming van verkeer op jou roete word gewys.

2. Tik **Opsies**.
3. Tik **Verminder vertragings**.

Jou toestel soek vir die vinnigste roete na jou bestemming.

Die nuwe roete kan verkeersvertragings insluit. Jy kan die roete herbeplan om verkeersvertragings te vermy, maar 'n roete wat alle vertragings vermy, sal gewoonlik langer neem as die vinnigste roete.

4. Tik **Klaar**.

Verkort veragings

Jy kan TomTom Traffic gebruik om die impak van verkeersveragings op jou roete te minimaliseer. Om veragings outomaties te verkort, doen die volgende:

1. Tik **Dienste** in die hoofkieslys.
2. Tik **Verkeer**.
3. Tik **Verkeerstellings**.
4. Kies tussen om altyd outomaties die vinnigste roete te neem, om eers gevra te word of om nooit jou roete te verander nie.
5. Tik **Volgende** en dan **Klaar**.
6. Tik **Verminder veragings**.

Jou toestel beplan die vinnigste roete na jou bestemming. Die nuwe roete kan verkeersveragings insluit en kan dalk dieselfde bly as die oorspronklike roete.

Jy kan die roete herbeplan om alle veragings te vermy, maar dit is onwaarskynlik dat hierdie roete die vinnigste moontlike roete sal wees.

7. Tik **Klaar**.

Maak pendel tussen huis en werk makliker

Die **Huis na werk**- of **Werk na huis**-knoppie in die "Wys verkeer tussen huis en werk"-kieslys maak dit moontlik om jou roete na en van jou werkplek te kontroleer deur 'n enkele knoppie te druk.

Wanneer jy enigeen van hierdie knoppies gebruik, beplan jou toestel 'n roete tussen jou huis- en werkligging en gaan die roete na vir moontlike veragings.

Die eerste keer wanneer jy **Huis na werk** gebruik, moet jy jou huis-werk-verkeer-liggings instel deur die volgende te doen:

1. Tik die verkeerkantbalk om die verkeerkieslys oop te maak.

Let wel: As jy reeds 'n roete beplan het, word 'n opsomming van verkeersinsidente op jou roete gewys. Tik **Opsies** om die verkeerkieslys oop te maak.

2. Tik **Wys huis-werk-verkeer**.
3. Stel jou huisligging en jou werkligging in.

As jy reeds die liggings ingestel het en hulle wil verander, tik dan **Verander huis-werk**.



Jy kan die **Huis na werk**- en **Werk na huis**-knoppies gebruik.

Let wel: Die huisligging wat jy hier instel, is nie dieselfde as die huisligging wat jy in die **In-stellingskieslys** instel nie. Voorts hoef die liggings wat jy hier instel nie jou werklike huis- en werkliggings te wees nie. As daar 'n ander roete is waarlangs jy gereeld reis, kan jy Werk/Huis instel om eerder hierdie liggings te gebruik.



Byvoorbeeld, om vertraging op jou roete huis toe te kontroleer voordat jy die kantoor verlaat, doen die volgende:

1. Tik die verkeerkantbalk om die verkeerkieslys oop te maak.

Let wel: As jy reeds 'n roete beplan het, word 'n opsomming van verkeersinsidente op jou roete gewys. Tik **Opsies** om die verkeerkieslys oop te maak.

2. Tik **Wys huis-werk-verkeer**.
3. Tik **Werk na huis**.

Die ritaansig word gewys en 'n boodskap word vertoon wat jou oor verkeersinsidente op die roete inlig. Die verkeerkantbalk wys ook enige vertraginge.

Kry meer inligting oor 'n insident

Om vir vertraginge op jou roete te kontroleer, tik die verkeerkantbalk. Jou navigasietoestel wys 'n opsomming van verkeersvertraginge op jou roete.


Die totaal sluit enige vertraginge weens verkeersinsidente in asook dié wat aan besige paaie te danke is, met inligting wat deur IQ Routes verskaf word.

Tik **Verkort vertraginge** om te kyk of jy die vertraging kan verminder. Tik **Opsies** om die verkeerkieslys oop te maak.



Let wel: Jy kan ook toegang tot die "**Wys verkeer op roete**"-skerm verkry deur op die verkeerarea van die LIVE-roete-opsommingoortjie te tik.

Tik op die knoppies vir die links- en regs-pyltjie sodat jy om die beurt deur elke insident kan beweeg en elkeen se details kan bekry. Dit sluit in die soort insident, soos padwerke, en die duur van die vertraging wat die insident tot gevolg gaan hê.



Jy kan ook toegang tot die details van individuele insidente verkry deur op **Bekyk kaart** in die hoofkieslys en daarna op die verkeersinsident-simbool te tik.

As dit op die kaart vertoon word, begin 'n verkeersinsident met 'n ikoon. In die geval van verkeer wat tou, dui die ikoon die rigting van die insident in die teenoorgestelde rigting aan.

Beskou verkeersinsidente in jou area

Verkry 'n oorsig van die verkeersituasie in jou area deur die kaart te gebruik. Om plaaslike insidente en hulle details te vind, doen die volgende:

1. Tik die verkeerkantbalk en tik dan **Opsies** om die verkeerkieslys oop te maak.
2. Tik **Bekyk kaart**.
Die kaartoorsigskerm word vertoon.
3. As die kaart nie jou ligging wys nie, tik die merker om die kaart op jou huidige ligging te sentreer.

Die kaart wys verkeersinsidente in die area.



4. Tik op enige verkeersinsident om meer inligting te verkry.

'n Skerm word vertoon wat jou gedetailleerde inligting gee van die insident wat jy gekies het. Om inligting oor omliggende insidente te vertoon, tik die links- en regs-pyltjie onderaan hierdie skerm.

Verander verkeerstellings

Gebruik die '**Verkeerstellings**'-knoppie om te kies hoe verkeersinligting op jou navigasietoestel werk.

1. Tik die verkeerkantbalk en tik dan **Opsies** om die verkeerkieslys oop te maak.
2. Tik **Verkeerstellings**.



3. As jy 'n RDS-TMC-verkeersontvanger gebruik, sal jy in staat wees om die volgende instelling te kies: **Stel handmatig deur 'n frekwensie in te tik**. As jy hierdie opsie kies, word die knoppie **Stel handmatig** in die verkeerkieslys vertoon. Tik **Stel handmatig** om die frekwensie van 'n spesifieke radiostasie in te tik wat jy vir RDS-TMC-verkeersinligting wil gebruik.
4. As 'n vinniger roete gevind word terwyl jy bestuur, kan verkeer jou reis herbeplan ten einde die vinniger roete te gebruik. Kies een van die volgende opsies en tik dan **Klaar**.
 - **Skakel altyd na daardie roete oor**
 - **Vra my of ek daardie roete wil hê**
 - **Moet nooit my roete verander nie**

Verkeersinsidente

Verkeersinsidente en -waarskuwings word op die kaart gewys, in die ritaansig en op die verkeerkantbalk.

Kom meer van 'n insident te wete deur **Blaai deur kaart** in die hoofkieslys te tik. Tik op 'n verkeersinsidentsimbool op die kaart om inligting oor daardie insident te sien. Om inligting oor omliggende insidente te vertoon, gebruik die links- en regs-pyltjie onderaan die skerm.

Daar is twee tipes insident- en waarskuwingstekens:

- Simbole in 'n rooi vierkant is verkeersinsidente. Jou navigasietoestel kan ook herbeplan om hulle te vermy.
- Simbole wat in 'n rooi driehoek gewys word, hou verband met die weer. Jou toestel herbeplan nie om hierdie waarskuwings te vermy nie.

Verkeersinsident-simbole:

	Ongeluk
	Padwerke
	Een of meer bane gesluit
	Pad gesluit



Verkeersinsident



Verkeersknoop

Weerverwante simbole:



Mis



Reën



Wind



Ys



Sneeu



Let wel: Die "insident vermy"-simbool word gewys vir enige verkeersinsident wat jy vermy het deur 'n verkeersdiens te gebruik.

Verkeerkieslys

Om die verkeerkieslys oop te maak, tik die verkeerkantbalk in die ritaansig en tik dan **Opsies**, of tik **Verkeer** in die dienstekieslys.

Die volgende knoppies is beskikbaar:



**Minimaliseer
verkeersverdrag-
ings**

Tik hierdie knoppie om jou roete aan die hand van die jongste verkeering te herbeplan.



**Wys hu-
is-werk-verkeer**

Tik hierdie knoppie om die vinnigste roete vanaf jou huisligging na jou werkplek en terug te bereken.



Wys verkeer op roete

Tik hierdie knoppie vir 'n oorsig van verkeersinsidente lang jou roete.
Tik die links- en regs-knoppies vir meer gedetailleerde inligting oor elke insident.

Tik **Verkort vertragings** om jou roete te herbeplan en die verkeersinsidente te vermy wat op die kaart vertoon word.



Bekyk kaart

Tik hierdie knoppie om deur die kaart te blaai en die verkeersinsidente te sien wat op die kaart vertoon word.



Verander verkeerinstellings

Tik hierdie knoppie om jou instellings vir hoe die Traffic-diens op jou toestel werk, te verander.



Lees verkeer-info hardop

Tik hierdie knoppie om gesproke inligting oor verkeersinsidente op jou roete te hoor.

Let wel: Om inligting hardop te lees, moet daar 'n rekenaarstem op jou TomTom-toestel geïnstalleer wees.

Spiedkamas

Meer oor spiedkamas

Let wel: LIVE-dienste is nie in alle lande of streke beskikbaar nie, en nie alle LIVE-dienste is in alle lande of streke beskikbaar nie. Jy mag dalk nie in staat wees om LIVE-dienste te gebruik wanneer jy in die buiteland reis nie. Vir meer inligting oor beskikbare dienste, gaan na tomtom.com/services.

Die Spiedkameradiens waarsku jou oor 'n verskeidenheid spiedkamas en veiligheidswaarskuwings met insluiting van die volgende:

- Liggings van vaste spiedkamas.
- Liggings van ongelukgevaarkolle
- Liggings van mobiele spiedkamas
- Liggings van trajekspiedkamas.
- Liggings van verkeersligkamas.
- Heklose spoorwegkruisings.

Spiedkamerawaarskuwings

By verstek word 'n waarskuklank gespeel vir die algemeenste tipes spiedkamas. Om die waarskuklank te verander, tik **Waarskuwinginstellings** in die **Spiedkamera**-kieslys.

Jy word op drie maniere teen spiedkamas gewaarsku:

- Jou toestel speel 'n waarskuklank.
- Die tipe spiedkamera en jou afstand vanaf die kamera word in die ritaansig gewys. Die spoedgrens word ook in die ritaansig gewys.
- Die ligging van die spiedkamera word op die kaart vertoon.

Let wel: Vir trajekspiedmeting-kamas waarsku jou toestel jou aan die begin en einde van die trajekspiedmetingarea.

Verander die manier waarop jy gewaarsku word

Om die manier te verander waarop jy deur jou TomTom-toestel teen spiedkamas gewaarsku word, tik die **Waarskuwinginstellings**-knoppie.



Jy kan dan instel watter tipe klank gespeel word.

Byvoorbeeld, om die klank te verander wat gespeel word wanneer jy 'n vaste spiedkamera nader, doen die volgende:

1. Tik **Dienste** in die hoofkieslys.

2. Tik **Spoedkameras**.
3. Tik **Waarskuwinginstellings**.

'n Lys van die tipe spoedkameras word vertoon. 'n Luidspreker word langs die tipe spoedkameras vertoon waarvoor 'n waarskuwing ingestel is.

4. Tik **Vaste spoedkameras**.
5. Kies of jy altyd gewaarsku wil word of net gewaarsku wil word wanneer jy te vinnig ry. Kies **Nooit** om die waarskuwing af te skakel.
6. Tik die klank in wat vir die waarskuwing gebruik moet word.
7. Tik **Volgende**.

Die waarskuklank wat jy gekies het, is nou vir vaste spoedkameras gestel. 'n Luidsprekersimbool word langs **Vaste spoedkameras** in die lys van spoedkameras gewys.

Spoedkamera-simbole

Spoedkameras word as simbole in die ritaansig gewys.

Namate jy 'n kamera nader, sien jy 'n simbool wat die tipe kamera en die afstand na die kamera wys. 'n Waarskuklank word gespeel. Jy kan [die waarskuklank vir kameras verander](#) of waarskuklanke vir elke tipe kamera aan- en afskakel.

Tik die kamerasimbool om te rapporteer dat die kamera nie meer daar is nie of om te bevestig dat dit steeds daar is.

Wanneer jy die eerste keer begin om jou toestel te gebruik, word waarskuklanke vir hierdie tipes kameras gespeel:



Vaste spoedkamera - hierdie tipe kamera kontroleer die spoed van verbygaande voertuie en bly altyd op dieselfde plek.



Mobiele spoedkamera - hierdie tipe kamera kontroleer die spoed van verbygaande voertuie en kan na verskillende plekke verskuif word.



Verkeersligkamera - hierdie tipe kamera kontroleer vir voertuie wat die verkeersreëls by verkeersligte oortree. Sommige verkeersligkameras kan dalk ook jou spoed kontroleer.



Trajekspoedmeting - hierdie tipe kamera meet jou gemiddelde spoed tussen twee punte. Jy word aan die begin en einde van die trajekspoedmetingarea gewaarsku.

Wanneer jy in 'n trajekspoedmetingarea bestuur, word jou gemiddelde spoed gewys, in stede van jou huidige spoed.

Wanneer jy in 'n trajekspoedmetingarea is, sal die visuele waarskuwing

die hele tyd in die ritaansig wys.



Ongelukpunte



Onbewaakte spoorroorgang



Tolpadkamera

Wanneer jy die eerste keer begin om jou toestel te gebruik, word geen waarskuklanke vir hierdie tipes kameras gespeel nie:



Beperktepad-kamera



Ander kamera



Kol waar mobiele spoedkameras al te dikwels voorkom - hierdie tipe waarskuwing dui plekke aan waar mobiele spoedkameras dikwels gebruik word.



Tweerigtingkamera

Werk liggings vir waarskuwings by

Belangrik: Om outomatiese bywerkings vir spoedkamasas te ontvang, maak seker dat jou toestel oor weergawe 10.500 of hoër van die TomTom-toepassing en 'n aktiewe LIVE-inskrywing beskik. Jy kan die jongste TomTom-toepassing verkry deur met MyDrive te verbind.

Die liggings van spoedkamasas kan dikwels verander. Nuwe kamasas kan ook sonder waarskuwing hulle opwagting maak, en die liggings van ander waarskuwings, soos ongelukpunte, kan dalk ook van posisie verander. Derhalwe is dit belangrik om seker te maak dat jou toestel oor die jongste kamera- en waarskuwingliggings beskik.

As jou LIVE-toestel die jongste TomTom-toepassing het, ontvang jy alle bywerkings oor die ligging van vaste en mobiele spoedkamasas oor die lug. Jy hoef niks te doen om bywerkings te ontvang nie - hulle word outomaties na jou toestel versend.

Om te kontroleer wanneer jou toestel laas 'n kamerabywerking ontvang het, tik **Dienste** en tik dan **Spoedkamasas**. Kyk regs boaan die skerm.

Wenk: As jy vir 'n eenmalige bywerking gekwalifiseer het toe jy destyds jou toestel gekoop het, kan jy dit via MyDrive installeer.

Rapporteerknoppie

Om die rapporteerknoppie in die ritaansig te wys, doen die volgende:

1. Tik **Dienste** in die hoofkieslys.
2. Tik **Spoedkamasas**.
3. Tik **Wys rapporteerknoppie**.
4. Tik **Terug**.

Die rapporteerknoppie word aan die linkerkant van die ritaansig vertoon of as jy reeds die kitskieslys gebruik, word dit by die knoppies gevoeg wat in die kitskieslys beskikbaar is.

Wenk: Om die rapporteerknoppie te verberg, tik **Verberg rapporteerknoppie** in die spoedkamera-kieslys.

Rapporteer 'n nuwe spoedkamera en route

Om 'n spoedkamera en route te rapporteer, doen die volgende:

1. Tik die [rapporteerknoppie](#) wat in die ritaansig of in die kitskieslys gewys word om die ligging van die kamera aan te teken.
2. Bevestig dat jy 'n kamera wil byvoeg.
Jy sien 'n boodskap wat jou vir die byvoeging van die kamera bedank.

Rapporteer 'n spoedkamera terwyl jy tuis is

Jy hoef nie by die ligging van 'n spoedkamera te wees om die nuwe ligging te rapporteer nie. Om 'n nuwe spoedkamaraligging te rapporteer terwyl jy tuis is, doen die volgende:

1. Tik **Dienste** in die hoofkieslys op jou navigasietoestel.
2. Tik **Spoedkamasas**.
3. Tik **Rapporteer spoedkamera**.

4. Kies die tipe kamera.
5. Gebruik die por om die presiese ligging van die kamera op die kaart te merk; tik dan **Volgende**.
6. Tik **Ja** om die ligging van die kamera te bevestig, of tik **Nee** om die ligging weer op die kaart te merk.

Jy sien 'n boodskap wat jou vir die rapportering van die kamera bedank.

Rapporteer foutiewe kamerawaarskuwings

Jy ontvang dalk 'n waarskuwing wat lankal verstryk het. Om 'n foutiewe kamerawaarskuwing te rapporteer, doen die volgende:

Let wel: Jy kan slegs 'n foutiewe kamerawaarskuwing rapporteer terwyl jy by die ligging is.

1. Terwyl jy teen die kamera gewaarsku word, tik die waarskuwing.



2. Bevestig of die kamera steeds daar is of nie.

Tipes spoedkameras wat jy kan rapporteer

Wanneer jy 'n spoedkamera rapporteer terwyl jy tuis is, kan jy kies watter tipe kamera jy tans rapporteer.

Hierdie is die verskillende tipes spoedkameras wat jy vanaf die huis kan rapporteer:

- **Vaste spoedkamera** - hierdie tipe kamera kontroleer die spoed van verbygaande voertuie en bly altyd op dieselfde plek.
- **Mobiele spoedkamera** - hierdie tipe kamera kontroleer die spoed van verbygaande voertuie en word na verskillende plekke verskuif.
- **Verkeersligkamera** - hierdie tipe kamera kontroleer vir voertuie wat die verkeersreëls by verkeersligte oortree.
- **Tolpadkamera** - hierdie tipe kamera moniteer verkeer by tolpaai se slagbome.
- **Ander kamera** - alle ander tipes kameras wat nie onder enige van die bogenoemde kategorieë ressorteer nie.

Waarskuwings teen kameras wat trajekspoed meet

Jy kan kies of jy gewaarsku wil word teen die kameras aan die begin of einde van 'n area waarin trajekspoed gemeet word. Om die instellings te verander, tik **Waarskuwinginstellings** in die **Spoedkamera**-kieslys.

Wanneer jy in 'n trajekspoedmetingarea bestuur, word jou gemiddelde spoed gewys, in stede van jou huidige spoed.

Namate jy die begin van 'n trajekspoedmeetsone nader, sien jy 'n visuele waarskuwing in die ritaansig met 'n afstand na die kamera daaronder. Jy hoor 'n hoorbare waarskuwing.



Jy sien ook 'n klein ikoon van die pad wat die posisie van die trajekspoedkamera by die begin van die sone aandui.

Vir die duur van die sone sal die visuele waarskuwing die hele tyd in die ritaansig wys.

Spoedkamera-kieslys

Om die spoedkamera-kieslys oop te maak, tik **Dienste** in die hoofkieslys en tik dan **Spoedkameras**.



Rapporteer spoedkamera

Tik hierdie knoppie om 'n nuwe spoedkameraligging te rapporteer.



Waarskuwing-instellings

Tik hierdie knoppie om [die waarskuwings te stel](#) wat jy sal ontvang en die klanke wat vir elke waarskuwing gebruik sal word.



Deaktiveer waarskuwings

Tik hierdie knoppie om alle waarskuwings tegelyk te deaktiveer.



Wys rapporteerknoppie

Tik hierdie knoppie om die [rapporteerknoppie](#) te aktiveer. Die rapporteerknoppie word in die ritaansig of in die kitskieslys gewys.

Wanneer die rapporteerknoppie in die ritaansig gewys word, verander hierdie knoppie na **Verberg rapporteerknoppie**.

Gevaarsones

Meer oor gevaarsones

Sedert 3 Januarie 2012 is dit onwettig om waarskuwings oor die posisie van vaste of mobiele spoedkameras te ontvang wanneer mens in Frankryk bestuur. Om aan hierdie wysiging aan Franse wetgewing te voldoen, word die ligging van alle tipes spoedkameras nie meer gerapporteer nie maar in stede hiervan word gevaarareas as sones aangedui.

In Frankryk het TomTom die spoedkameradiens beëindig en 'n nuwe diens bekend as TomTom Gevaarsones bekend gestel.

Gevaarsones kan moontlik een of meer spoedkameras of 'n reeks ander bestuursgevaar bevat:

- Spesifieke liggings is nie beskikbaar nie en 'n gevaarsone-ikoon word in stede gewys namate jy die sone nader.
- Die minimum lengte van die sone hang af van die tipe pad en is 300 m vir paaie in beboude gebiede, 2 000 m (2 km) vir sekondêre paaie of 4 000 (4 km) vir snelweë.
- Die ligging van een of meer spoedkameras, indien enige, kan op enige punt binne die sone wees.
- As twee sones naby mekaar is, kan die waarskuwings in 'n enkele langer sone verenig word.

Belangrik: Buite Frankryk ontvang jy waarskuwings oor spoedkameras. Binne Frankryk ontvang jy waarskuwings oor gevaarsones. Wanneer jy die grens oorsteek, verander die tipe waarskuwing wat jy ontvang.

Gevaarsonewaarskuwings

Waarskuwings word gegee elke 10 sekondes voordat jy 'n gevaarsone bereik. Jy word op die volgende maniere gewaarsku:

- Jou toestel speel 'n waarskuklank.
- Jy sien 'n merker op die pad in die ritaansig wat wys waar die sone begin.
- Jy sien 'n waarskuwingspaneel.
- Gevaarsones het 'n minimum lengte: Snelweë 4 km, sekondêre paaie 2 km en beboude gebiede 300 m.

Verander die manier waarop jy gewaarsku word

Hierdie instellings stel jou in staat om gevaarsonewaarskuwings te beheer en ook om die waarskuklanke te verander.

1. Tik **instellings** in die hoofkieslys.
2. Tik **Dienste**.
3. Tik **Veiligheidswaarskuwings**.
4. Tik **Deaktiveer/Aktiveer waarskuwings** om veiligheidswaarskuwings af of aan te skakel.
5. Tik **Deaktiveer/Aktiveer rapporteerknoppie** om die rapporteerknoppie in die ritaansig te verberg of te wys.

6. Tik **Waarskuwinginstellings** en kies of jy 'n waarskuwing wil hê wanneer jy 'n gevaarsone nader; kies dan 'n waarskuklank.

Gevaarsonesimbole

Gevaarsones word gewys deur van 'n simbool in die ritaansig gebruik te maak.

Namate jy 'n gevaarsone nader, sien jy 'n simbool. 'n Waarskuklank word gespeel. Jy kan [die waarskuklank vir gevaarsones verander](#) of waarskuklanke heeltemal afskakel.

Wanneer jy begin om jou toestel vir die eerste keer te gebruik, word 'n waarskuklank vir hierdie tipe sone gespeel:



Gevaarzone - hierdie tipe waarskuwing word slegs in Frankryk gegee waar jy slegs teen [gevaarsones](#) gewaarsku word. Gevaarsones sluit alle ander tipes waarskuwings in.

Rapporteerknoppie



Tik hierdie knoppie in die ritaansig om 'n gevaarsone te rapporteer. 'n Bevestigingskerm verskyn. Tik **Ja** om die gevaarsone te bevestig. 'n **Dankie**-ikoon word op die skerm gewys. Die ligging word aan TomTom gerapporteer en met ander gebruikers gedeel.

Let wel: Dit is nie moontlik om 'n gevaarsone te verwyder nie.

Rapporteer 'n nuwe gevaarsone in die ry

Om 'n gevaarsone in die ry te rapporteer, doen die volgende:

1. Tik die [rapporteerknoppie](#) wat in die ritaansig of in die kitskieslys gewys word om die ligging van die gevaarsone aan te teken.
2. Bevestig dat jy 'n gevaarsone wil byvoeg.
Jy sien 'n boodskap wat bevestig dat die verslag geskep is.

Rapporteer 'n gevaarsone terwyl jy tuis is

Jy hoef nie by die ligging van 'n gevaarsone te wees om die nuwe ligging te rapporteer nie. Om 'n nuwe gevaarsoneligging te rapporteer terwyl jy tuis is, doen die volgende:

1. Tik **Dienste** in die hoofkieslys op jou navigasietoestel.
2. Tik **Veiligheidswaarskuwings**.
3. Tik **Rapporteer gevaarsone**.
4. Gebruik die por om die presiese ligging van die gevaarsone op die kaart te merk; tik dan **Klaar**.
5. Tik **Ja** om die ligging van die gevaarsone te bevestig.
Jy sien 'n boodskap wat bevestig dat die verslag geskep is.

Veiligheidswaarskuwingskieslys

Om die kieslys vir veiligheidswaarskuwings oop te maak, tik **Instellings** in die Hoofkieslys, gevolg deur **Dienste**. Tik dan **Veiligheidswaarskuwings**.



**Rapporteer
gevaarsone**

Tik hierdie knoppie om ['n nuwe gevaarsoneligging te rapporteer](#).



**Waarskuwingin-
stellings**

Tik hierdie knoppie om te [stel wanneer jy waarskuwings ontvang](#) asook die klank.



**Deaktiveer
waarskuwings**

Tik hierdie knoppie om waarskuwings te deaktiveer.



**Aktiveer rappor-
teerknoppie**

Tik hierdie knoppie om die [rapporteerknoppie](#) te aktiveer. Die rappor-
teerknoppie word in die ritaansig of in die kitskieslys gewys.

Wanneer die rapporteerknoppie in die ritaansig gewys word, verander hierdie knoppie na **Deaktiveer rapporteerknoppie**.

Die weer

Meer oor weer

Let wel: Slegs beskikbaar op LIVE-toestelle

Die TomTom-weerdiens bied gedetailleerde weerberigte en 5-dag-weervoorspellings vir dorpe en stede. Die inligting word deur plaaslike weerstasies verskaf en uurliks bygewerk.



Let wel: Vir meer inligting oor beskikbare dienste, gaan na tomtom.com/services.

Versoek 'n weerberig

Om 'n weerberig te versoek vir 'n spesifieke ligging, soos die dorp of stad van jou finale bestemming, doen die volgende:

1. Tik **Dienste** in die hoofkieslys.
2. Tik **Weer**.
3. Tik **Die weer naby jou** of **Die weer naby bestemming** om direk na 'n weersopsomming te gaan.
4. Tik **Die weer naby ander ligging** om 'n ander ligging te kies deur, byvoorbeeld, 'n adres, huis, 'n gunsteling of 'n PVB te gebruik.
'n Samevattende weerberig vir daardie ligging word vertoon. Tik op enige dag van die week vir 'n gedetailleerde weerberig.

Tipes liggings

Jy kan 'n weervoorspelling vir verskillende tipes liggings versoek. Die volgende tipes liggings is beskikbaar:



Huis

Tik hierdie knoppie om jou huisligging te kies.



Gunsteling

Tik hierdie knoppie om die ligging van 'n gunsteling te kies.



Adres

Tik hierdie knoppie om 'n adres in te voer.



Onlangse bestemming

Tik hierdie knoppie om 'n ligging te kies uit 'n ligging van bestemmings wat onlangs gebruik is.



Plaaslike soektog

Tik hierdie knoppie om 'n ligging te kies deur TomTom Places te gebruik.



Plek van belang

Tik hierdie knoppie om 'n plek van belang (PVB) te kies.



My ligging

Tik hierdie knoppie om jou huidige ligging te kies.



Punt op kaart

Tik hierdie knoppie om 'n punt op die kaart te kies.



**Breedtegraad
Lengtegraad**

Tik hierdie knoppie om 'n die breedtegraad en lengtegraad as kaartverwysing in te voer.



Tik hierdie knoppie om 'n adres in te voer deur die adres te sê.

Gesproke adres



Tik hierdie knoppie om jou laaste aangetekende posisie te kies.

**Posisie van laaste
stilhouplek**

TomTom-produkte vir kampeerwaens en karavane

Meer oor TomTom-produkte vir kampeerwaens en karavane

TomTom se produkte vir kampeerwaens en karavane stel jou in staat om te kies watter tipe voertuig jy bestuur sodat jou toestel 'n gepaste roete vir jou voertuig kan beplan. Die voertuigtipes waaruit jy kan kies, sluit in 'n motor, 'n motor met karavaan of 'n paneelwa. Roetes wat deur jou toestel beplan word, sal beperkings vir die voertuig tipe vermy. Byvoorbeeld, 'n roete wat vir 'n motorwoonwa beplan word, kan verskil van die roete wat vir 'n motor bereken is. Jy kan jou voertuig se grootte, gewig en tipe instel sowel as die tipe roete wat jy verkies.

Voordat jy jou tipe voertuig kan kies, moet jy [die kaart vir kampeerwaens en karavane](#) op jou toestel kies.

Belangrik: Jy moet op alle verkeerstekens let, veral dié wat op jou voertuig se afmetings en gewig betrekking het. Ons kan nie waarborg dat jy dit nooit op jou roete sal teëkom nie; maar om sulke beperkings te ignoreer, kan gevaarlik wees.

Jy kan jou voertuig in die Ritaansig se kitskieslys kies. As net een of twee knoppies in jou kitskieslys wys, sal 'n klein ikoon in die ritaansig wys watter tipe voertuig gekies is. As 'n roete reeds beplan is en jy op 'n ander tipe voertuig besluit, word die roete vir die nuwe voertuig bereken.

As 'n roete vir 'n karavaan, 'n kampeerwa of 'n paneelwa nie gevind kan word nie, word jy gevra of jy eerder 'n motorroete wil gebruik. As jy 'n motorroete gebruik, moet jy let op die beperkings wat jy onderweg vind.

Jy kan in die Instellingskieslys [die details van die voertuig wat jy bestuur](#) en jou tipe roete invoer.

Voertuigtipes

Jy kan ['n voertuig kies](#) uit die volgende voertuigtipes:



Motor

Kies **Motor** as jy 'n motor bestuur en nie 'n karavaan of sleepwa sleep nie.



Motor met karavaan

Kies **Motor met karavaan** as jy 'n karavaan, sleepwatent, perdetrok of bloot 'n sleepwa sleep.

Wenk: Kies **Motor** sodra jy jou karavaan of sleepwa afgehaak het.



Kampeerwa

Kies **Kampeerwa** wanneer jy 'n kampeerwa of motorkaravaan bestuur.



Paneelwa

Kies **Paneelwa** as jy 'n private paneelwa, gehuurde paneelwa of enige ander groot, niekommersiële voertuig bestuur.

Stel jou voertuig in

Voordat jy 'n roete kan beplan via paaie wat vir jou voertuigtipe geskik is, moet jy eers besonderhede oor jou voertuig of voertuigkombinasie invoer.

1. Tik **Instellings** in die **Hoofkieslys**.
2. Tik **Voertuig en roetes**, en tik dan **Voertuie en roetetipes**.
3. Tik op jou [voertuig tipe](#). Jy kan details invoer vir 'n **Motor met karavaan**, 'n **Kampeerwa** en 'n **Paneelwa**.

Let wel: Die **Motor**-knoppie maak die gestandaardiseerde roetebeplanning-opsies oop.

4. In die **Huidige voertuigprofiel**-skerm, tik **Verander**.
5. Voer die voertuig se gewig, dimensies en spoedgrens in. Druk telkens **Volgende** om na die volgende skerm aan te beweeg.

Let wel: Die spoedgrens kan van staat tot staat of land tot land verskil, asook vir elke tipe voertuig anders wees. Jy moet die spoedgrens invoer van die land waarin jy reis.

Belangrik: Die dimensies en gewig van jou karavaan sluit ook jou motor se dimensies en gewig in.

6. In **Vermyn snelweë** kies of jy snelweë wil vermy. Tik **Volgende**.
7. In **Beperking- en doodloopwaarskuwings** kies of jy waarskuwings teen beperkings en doodloopstrate wil ontvang. Tik **Volgende**.

Belangrik: Stel hierdie opsie in op **Ja** indien jy met 'n groot kampeerwa ry of 'n karavaan sleep. Hierdie opsie verhoed dat jy jouself in 'n moeilike situasie bevind, soos op 'n plek waar omdraai haas onmoontlik is of waar die hoogteperk jou gaan belemmer. Jy ontvang slegs waarskuwings teen beperkings en doodloopstrate wanneer jy bestuur sonder dat enige roete beplan is.

8. Stel die **Herbeplanninginstellings** in.

Let wel: Hierdie instelling is slegs beskikbaar as jou toestel óf 'n verkeerintekening óf 'n RDS-TMC-ontvanger het. Verkeersinligting is nie in alle lande of streke beskikbaar nie. Vir meer inligting oor TomTom se verkeersinligtingsdienste gaan na tomtom.com/services.

Stel of jy wil hê dat jou navigasietoestel die huidige roete moet herbeplan indien 'n vinniger roete gevind word onderwyl jy bestuur. Dit is handig indien verkeer verder aan op jou roete opbou of afneem. Kies uit die volgende instellings:

- **Verwissel altyd na daardie roete** - kies hierdie opsie om geen boodskap te ontvang wanneer 'n vinniger roete gevind word nie. Die huidige roete word outomaties herbereken sodat dit die vinnigste een is.

- **Vra my of ek daardie roete wil hê** - kies hierdie opsie om gevra te word of jy die nuwe roete wil volg. Wanneer jy gevra word of jy die alternatiewe roete wil volg, tik **Ja** sodat die huidige roete as die vinnigste een herbereken word. Tik **Nee** as jy nie die alternatiewe roete wil volg nie. As jy van besluit verander, tik die ballon regs boaan die skerm om die alternatiewe roete te neem.
- **Moet nooit my roete verander nie** - kies hierdie opsie as jy altyd by jou beplande roete wil hou.

Tik **Volgende**.

9. In **Kaartinligtinginstellings** stel of jy gewaarsku wil word wanneer jou roete deur 'n area gaan waaroor jou kaart net beperkte inligting bevat. Tik **Klaar**.

Kies 'n kampeerwa- of karavaankaart

Jy moet eers 'n kampeerwa- of karavaankaart kies voordat jy TomTom se kampeerwa-en-karavaanprodukt kan gebruik.

1. Tik **instellings** in die hoofkieslys.
2. Tik **Wissel kaart**.
3. Tik op die kampeerwakaart om dit te kies.
4. Tik **Klaar** in die instellingskieslys om terug te gaan na die ritaansig.

Kies jou voertuigtype

Gaan as volg te werk om jou voertuigtype vinnig in die ritaansig se kitskieslys te verander:

Let wel: Jy moet eers [die voertuigtype-opsie](#) by die kitskieslys voeg.

1. Tik die voertuigknoppie in die ritaansig. Die voertuigknoppie wys die tipe voertuig wat tans gekies is:



Wenk: As jou kitskieslys drie of meer items bevat, tik die kitskieslysknoppie:



Tik dan die **"Verander voertuig"**-knoppie.

2. Tik die tipe voertuig waarmee jy ry.



As jou kitskieslys net een of twee items bevat, sal 'n klein ikoon in die ritaansig wys watter tipe voertuig gekies is.

As 'n roete reeds beplan is en jy op 'n ander tipe voertuig besluit, word die roete vir die nuwe voertuig bereken.

Wys die kitskieslys-knoppie vir voertuigtipe

Jy kan die knoppie om 'n voertuig te kies by die [kitskieslys](#) voeg sodat jy blitssnel jou tipe voertuig kan kies.

1. Tik **instellings** in die hoofkieslys.
2. Tik **Maak jou eie kieslys**.
3. Tik **Kanselleer** om die inligtingskerm skoon te maak, of **Volgende** en dan **Klaar** om die inligtingskerm te kan lees.
4. Kies **Wissel tussen verskillende voertuie**
5. Tik **Klaar** en tik dan weer op **Klaar** om terug te gaan na die ritaansig.

MyDrive

Meer oor MyDrive

MyDrive is 'n webgebaseerde nutsding wat jou help om jou TomTom-navigasietoestel se inhoud en dienste te bestuur. Jy gebruik MyDrive om kaartbywerkings en 'n hele spul ander goed te kry.

Jy meld via die TomTom-webwerf by MyDrive aan. Dit is 'n goeie idee om jou navigasietoestel gereeld aan MyDrive te koppel om seker te maak dat jy altyd die jongste bywerkings het.

Wenk: Ons beveel gebruik van 'n breëband-internetverbinding aan wanneer jy ook al jou navigasietoestel met MyDrive verbind.

Meer oor MyDrive Connect

Om MyDrive te kan gebruik, moet jy MyDrive Connect op jou rekenaar installeer.

MyDrive Connect is 'n toepassing wat jou navigasietoestel in staat stel om met die MyDrive-webwerf te kommunikeer. MyDrive Connect moet deurentyd loop vir solank as wat jou toestel aan jou rekenaar gekoppel is.

MyTomTom-rekening

Om inhoud af te laai en TomTom-dienste te gebruik, het jy 'n MyTomTom-rekening nodig.

Jy kan via jou rekenaar 'n rekening op een van die volgende maniere skep:

- Deur die **Skep rekening**-knoppie by tomtom.com te kies.
- Deur die groen **MyTomTom**-knoppie by tomtom.com te kies.
- Deur na tomtom.com/getstarted te gaan.

Belangrik: Wanneer jy 'n rekening skep, dra sorg wanneer jy gevra word om 'n land te kies. Die korrekte land is 'n voorvereiste wanneer jy aankope by die TomTom-winkel doen en kan nie verander word nadat die rekening geskep is nie.


Let wel: Indien jy meer as een TomTom-navigasietoestel het, word 'n afsonderlike rekening vir elke toestel benodig.

Opstel van MyDrive

Om gerat te wees om MyDrive die eerste keer te gebruik, doen die volgende:

1. Maak 'n webblaaier op jou rekenaar oop en gaan na tomtom.com/getstarted.
2. Klik **Begin**.
3. Klik op **Laai MyDrive Connect af**.
Volg die instruksies op die skerm.
4. Wanneer jy gepor word, koppel jou toestel aan jou rekenaar via die USB-kabel wat saam met jou toestel voorsien word, en skakel dan jou toestel aan.

Let wel: Gebruik slegs die USB-kabel wat saam met jou toestel voorsien word. Ander USB-kabels sal dalk nie werk nie.



Belangrik: Jy behoort die USB-kabel direk by die USB-poort op jou rekenaar in te prop en nie by 'n USB-naaf of USB-poort op 'n sleutelbord of skerm nie.

5. Tik die verlangde inligting in om 'n rekening te skep, met inbegrip van jou land.
Sodra opstelling afgehandel is, word 'n MyTomTom-rekening geskep en jou navigasietoestel word met jou rekening verbind.
Hierna kan jy toegang tot MyDrive Connect verkry via die kennisgewingsareas op jou rekenaar.



MyDrive begin outomaties sodra die rekening geskep is.

Let wel: Wanneer jy volgende keer toegang tot MyDrive wil verkry, gaan via 'n webblaaier na tomtom.com/mydrive

Wenk: Sodra jy jou navigasietoestel aan jou rekenaar koppel, sal MyDrive Connect jou verwittig as daar enige bywerkings vir jou toestel is.

Bylaag

Belangrike veiligheidskennisgewings en -waarskuwings

Wêreldwye posisioneringstelsel (GPS) en wêreldwye navigasiesatellietstelsel (GLONASS)

Die wêreldwye posisioneringstelsel (GPS) en wêreldwye navigasiesatellietstelsel (GLONASS) is satellietgebaseerde stelsels wat inligting oor ligging en tyd die wêreld deur verskaf. GPS word uitsluitlik beheer en bestuur deur die regering van die Verenigde State van Amerika, wat ook vir die beskikbaarheid en akkuraatheid daarvan verantwoordelik is. GLONASS word uitsluitlik beheer en bestuur deur die regering van Rusland, wat vir die beskikbaarheid en akkuraatheid daarvan verantwoordelik is. Enige veranderinge in die beskikbaarheid en akkuraatheid van GPS of GLONASS, of in omgewingstoestande, kan die werking van hierdie toestel beïnvloed. TomTom aanvaar geen aanspreeklikheid vir die beskikbaarheid en akkuraatheid van GPS of GLONASS nie.

Gebruik met sorg

As jy TomTom-produkte gebruik onderwyl jy bestuur, moet jy steeds versigtig bestuur en goed oplet.

Vliegtuie en hospitale

Die gebruik van toestelle met 'n antenna word op die meeste vliegtuie, in baie hospitale en op baie ander plekke verbied. Hierdie toestel moet nie in hierdie omgewings gebruik word nie.

Veiligheidsboodskappe

Lees en let op die volgende belangrike veiligheidsadvies:

- Gaan jou banddruk gereeld na.
- Diens jou voertuig gereeld.
- Medikasie kan jou ry- of bestuursvermoë beïnvloed.
- Gebruik altyd sitplekgordels indien beskikbaar.
- Moenie drink en bestuur nie.
- Die meeste ongelukke gebeur minder as 5 km vanaf die huis.
- Gehoorsaam die reëls van die pad.
- Gebruik altyd jou flikkerligte.
- Elke 2 ure, neem 'n blaaskans vir minstens 10 minute.
- Hou jou sitplekgordel aan.
- Handhaaf 'n veilige afstand van die voertuig voor jou.
- Voordat 'n motorfietsrit onderneem word, gespe jou helm korrek vas.
- Wanneer jy 'n motorfiets ry, dra altyd beskermende klere en toerusting.

Wanneer 'n motorfiets gery word, wees ekstra waaksaam en bestuur altyd verdedigend.

Hoe TomTom jou inligting gebruik

Besonderhede oor die gebruik van persoonlike inligting kan gevind word by [tomtom.com/privacy](https://www.tomtom.com/privacy).

Battery

Hierdie produk gebruik 'n litium-ioon-battery.


Moenie in 'n vogtige, nat en/of korroderende omgewing gebruik nie. Moenie jou produk in of naby 'n hittebron, op 'n plek met 'n hoë temperatuur, in sterk direkte sonlig, in 'n mikrogolfoond of in 'n drukhouer plaas, berg of los nie en moenie dit aan temperature van meer as 60 °C (140 °F) blootstel nie. Versuim om hierdie riglyne na te kom, kan veroorsaak dat die battery suur lek, warm word, ontplof of ontvlam en beserings en/of skade veroorsaak. Moenie die battery prik, oopmaak of uitmekaarhaal nie. As die battery lek en jy in kontak kom met die vloeistof wat uitgelek het, spoel deeglik met water af en verkry dadelik mediese bystand. Om veiligheidsredes, en om die leeftyd van die battery te verleng, verwyder jou produk uit jou voertuig wanneer jy nie ry nie en hou dit in 'n koel, droë plek. Die battery sal nie laai by lae (onder 0°C/32°F) of hoë (bo 45°C/113°F) temperature nie.

Temperature: Standaardgebruik: 0°C (32°F) tot 45°C (113°F); berging vir kort tydperke: -20°C (-4°F) tot 60°C (140°F); berging vir lang tydperke: -20°C (-4°F) tot 25°C (77°F).

Waarskuwing: kan ontplof indien battery met verkeerde tipe vervang word.

Moenie die niegebruikerverwyderbare battery verwyder of probeer verwyder nie. Indien jy 'n probleem met die battery ervaar, kontak asseblief TomTom se kliëntesteundiens.

DIE BATTERY WAT BY DIE PRODUK INGESLUIT IS, MOET HERWIN WORD OF DAAR MOET BEHOORLIK DAARMEE WEGGEDOEN WORD OOREENKOMSTIG PLAASLIKE WETTE EN REGULASIES EN MOET AFSONDERLIK VAN HUISHOUDELIKE AFVAL GEHOU WORD. DEUR DIT TE DOEN, SAL JY HELP OM DIE OMGEWING TE BEWAAR. GEBRUIK JOU TOMTOM-TOESTEL NET MET DIE GS-KRAGKABEL (MOTORLAAIER/BATTERYKABEL), WS-OMSETTER (TUISLAAIER) WAT VOORSIEN WORD, IN 'N GOEDGEKEURDE WIEG OF DEUR DIE VOORSIENE USB-KABEL TE GEBRUIK OM DIE BATTERY TE LAAI DEUR DIE TOESTEL AAN 'N REKENAAR TE KOPPEL.



As jou toestel 'n laaier benodig, gebruik asseblief hierdie toestel met die laaier wat voorsien word. Vir vervanginglaaiers, gaan na tomtom.com vir inligting oor goedgekeurde laaiers vir jou toestel.

Die gemelde batterylewe is 'n maksimum moontlike batterylewe. Die maksimum batterylewe sal slegs onder spesifieke atmosferiese toestande behaal word. Die beraamde maksimum batterylewe word gegrond op 'n gemiddelde gebruikersprofiel.

Vir wenke oor die verlenging van die batterylewe, kyk die VVV: tomtom.com/batterytips.

CE-sertifisering

Hierdie toerusting voldoen aan die vereistes vir CE-sertifisering wanneer dit in 'n residensiële, kommersiële, voertuig- of ligte industriële omgewing gebruik word en voldoen aan al die toepaslike bepalings van die tersaaklike wetgewing in die EU.

CE0168

R&TTE-direktief

TomTom verklaar hiermee dat TomTom se produkte en toestelle aan die tersaaklike vereistes en ander bepalings van EU-direktief 1995/5/EC voldoen. Die verklaring van nakoming kan hier bekyk word: tomtom.com/legal.

WEEE-voorskrif

Hierdie wielietjiesblik-simbool op die produk of sy verpakking dui aan dat hierdie produk nie as huishoudelike afval behandel moet word nie. In ooreenstemming met EU-voorskrif 2002/96/EC vir wegdoenbare elektriese en elektroniese toerusting (WEEE), moet hierdie elektriese produk nie as ongesorteerde munisipale afval behandel word nie. Raak asseblief van hierdie produk ontslae deur dit aan die verkoops punt terug te gee of by jou plaaslike munisipaliteit se afhaalpunt vir herwinning te besorg. Deur dit te doen, sal jy help om die omgewing te bewaar.



Pasaangeërs

Vervaardigers van pasaangeërs beveel aan dat 'n minimum van 15 cm (6 duim) gehandhaaf word tussen 'n handdraadlose-toestel en 'n pasaangeër om potensiële inwerking op die pasaangeër te verhoed. Hierdie aanbevelings stem ooreen met onafhanklike navorsing en aanbevelings deur Wireless Technology Research.

Riglyne vir mense met pasaangeërs

- Jy moet ALTYD sorg dat daar meer as 15 cm (6 duim) tussen die toestel en jou pasaangeër is.
- Jy moet nie die toestel in 'n bosak dra nie.

Ander mediese toestelle

Raadpleeg asseblief jou dokter of die vervaardiger van die mediese toestel om te bepaal of die gebruik van jou draadlose toestel dalk 'n inwerking op die mediese toestel kan hê.

Gekonnekteerde netwerke

Toestelle wat 'n GSM-module bevat, is bedoel vir verbinding met die volgende netwerke:

GSM/GPRS 900/1800

Nakoming ten opsigte van spesifieke absorpsiekoers (SAR)

HIERDIE MODEL VAN 'N DRAADLOSE TOESTEL VOLDOEN AAN REGERINGSVEREISTES VIR BLOOTSTELLING AAN RADIOGOLWE WANNEER DIT GEBRUIK WORD SOOS IN HIERDIE AFDELING BESKRYF

Hierdie GPS navigasiesistelsel is 'n radiosender en -ontvanger. Dit is ontwerp en vervaardig om nie die uitstralingsperke vir blootstelling aan radiofrekwensie-energie te oorskry wat deur die Raad van die Europese Unie neergelê is nie.

Die SAR-perk wat deur die Raad van die Europese Unie aanbeveel word, is 'n gemiddeld van 2.0W/kg oor 10 gram weefsel vir die liggaam ('n gemiddeld van 4.0 W/kg oor 10 gram weefsel vir ekstremitate - hande, gewrigte, enkels en voete). Toetse vir SAR word uitgevoer deur standaard-gebruiksposisies te gebruik wat deur die EU-raad gespesifiseer word met die toestel wat teen sy hoogste gesertifiseerde sterkte in alle getoetste frekwensiebande uitstraal.

Blootstellingsperke

Hierdie toestel voldoen aan die perke vir blootstelling aan bestraling wat vir 'n beheerde omgewing voorgehou word. Om die moontlike oorskryding van die perke vir blootstelling aan radiofrekwensies te verhoed, moet menslike nabyheid aan die antenna nie minder as 20 cm (8 duim) tydens normale gebruik wees nie.

Hierdie dokument

Hierdie handleiding is met groot sorg opgestel. Vanweë voortdurende produkontwikkeling is sekere inligting dalk nie heeltemal op datum nie. Die inligting in hierdie dokument is onderworpe aan verandering sonder kennisgewing.

TomTom sal nie aanspreeklik gehou word vir tegniese of redaksionele foute of weglatings hierin nie, of vir insidentele of gevolglike skade wat voortspruit uit die werkverrigting of gebruik van hierdie dokument nie. Hierdie dokument bevat inligting wat deur kopiereg beskerm word. Geen deel van hierdie dokument mag in enige vorm gefotokopieer of herproduseer word sonder vooraf geskrewe instemming van TomTom N.V. nie.

Modelname

4EN62, 4CS01, 4CS03, 4CQ02, 4CQ07, 4CQ01, 4KH00, 4KI00, 4KJ00, 4CR52, 4CR51, 4CR42, 4CR41, 4EN42, 4EN52, 4EV42, 4EV52, 4ER50, 4CT50

Kopieregkennisgewings:

© 2013 TomTom. Alle regte voorbehou. TomTom en die "twee hande"-logo is geregistreerde handelsmerke van TomTom N.V. of een van sy filiale. Raadpleeg www.tomtom.com/legal vir beperkte waarborge en eindgebruikerlisensieooreenkomste van toepassing op hierdie produk.

© 2013 TomTom. Alle regte voorbehou. Hierdie materiaal is gepatenteer en word beskerm deur kopiereg en/of databasisregte en/of ander intellektuele eiendomsregte wat deur TomTom of sy verskaffers voorbehou word. Die gebruik van hierdie materiaal is onderworpe aan die bepalinge van 'n lisensie-ooreenkoms. Enige ongemagtigde kopiëring of openbaarmaking van hierdie materiaal sal strafregtelike of privaatregtelike aanspreeklikhede tot gevolg hê.

Topografiese opname © Crown Kopiereglicensienommer 100026920.

Databron © 2013 TomTom

Alle regte voorbehou.

SoundClear™ acoustic echo cancellation software © Acoustic Technologies Inc.

Nuance® is 'n geregistreerde handelsmerk van Nuance Communications, Inc. en word hier in lisensie gebruik.

Sommige beelde is van NASA se aardobservatorium ontleen.

Die doel met NASA se aardobservatorium is om 'n vry toeganklike publikasie op die Internet beskikbaar te stel waar die publiek nuwe satellietbeelde van en wetenskaplike inligting oor ons tuisplaneet kan bekom.

Die fokus is op die aarde se klimaat en omgewingsverandering: earthobservatory.nasa.gov

Die sagteware wat by hierdie produk ingesluit is, bevat sagteware waarop die kopiereg kragtens die GPL vergun word. 'n Afskrif van hierdie lisensie kan in die afdeling oor lisensies besigtig word. Jy kan die volledige ooreenstemmende bronkode by ons bekom vir 'n tydperk van drie jaar vanaf ons laaste versending van hierdie produk. Vir meer inligting, besoek tomtom.com/gpl of kontak jou plaaslike TomTom-kliëntesteundiensspan via tomtom.com/support. Ons sal op versoek 'n CD met die ooreenstemmende bronkode aan jou stuur.

Linotype, Frutiger en Univers is handelsmerke van Linotype GmbH wat by die VSA se Kantoor vir Patente en Handelsmerke geregistreer is en kan moontlik ook in sekere ander regsgebiede geregistreer wees.

MHei is 'n handelsmerk van The Monotype Corporation en kan moontlik ook in ander regsgebiede geregistreer wees.